Met die Komplimente

van Dr. A.M. Moll.

# Onafhanklikheid van Suidafrika.

1. 'N BEROEP OP DIE OPGROEIENDE GESLAG.
2. DIE HANDELSVRAAGSTUK.
3. 'N REPUBLIKEINSE OF KONINKLIKE TRADIESIE.
4. OORLOG EN NEUTRALITEIT.
5. DAARDIE "VRYHEID" VAN ONS.
6. EPILOOG.

(Deur Dr. A. M. Moll.)

*(Artiekels uit 'Die Weste' oorgedruk.)*

615

**PRYS 1/-.**

VERKRYBAAR BY A. H. KOOMANS, BEPK.,
Bus 123, Potchefstroom.

# DIE ONAFHANKLIKHEID VAN SUIDAFRIKA

## 'N BEROEP OP DIE OPGROEIENDE GESLAG.

(Deur Dr. A. M. Moll.)

„Die waarde van 'n staat word bepaal deur die waarde van sy inwonende bevolking. 'n Staat wat die belange van die geestes-ontwikkeling van hierdie bevolking terwille van 'n bietjie administratiewe bedrewenheid, uitstel—'n Staat wat sy manne verdwerg teneinde hulle meer handelbare wesens te maak, al is dit dan ook maar terwille van weldadige doeleindes, sal ontdek dat met sulke geestelik-verdwergde mensies 'n grootse volksaak nooit uitgevoer kan word nie, en dat die meganiese volmaaktheid waaraan alles opgeoffer word per slot van rekening niks sal baat nie, juis weëns die gebrek aan 'n lewensvatbare krag, wat verwyder word, om tog maar net 'n gelyklopende staats-meganisme te verkry."

JOHN STUART MILL,
Engelse Filosoof.

„Sy hele wese was onderworpe aan hierdie skepping van 'n nuwe *Bestemming* vir Italië. Daar was vir hom niks heiliger as hierdie *Ideale Vaderland* wat in sy gedagtewêreld uitgetoring het soos 'n skitterskynende baken. Daar was met een woord niks te goed wat nie aan hierdie hoogverhewe ideaal kon opgeoffer word nie—dit was 'n hartstog wat hom verteer het; dit was die enigste oorsaak waarom hy dit nog wêrd geag het om te lewe, naamlik om sy Vaderland bo alles te eer, nie maar net as 'n blote idee nie, maar, en veral, as 'n *Magtige Staat,* wat nog tussen die wêreldstate moes ingebore word,—vry, en skep-

per van sy eie bestemming. Vir hierdie ideaal was hy bereid om sy siel feil te hê. Op hierdie altaar wou hy sy *alles* ten offer lê."

PROF GENTILE—
oor Cavour.

„Die algemene karakter van 'n volk moet bepaal watter regeringsvorm geskik is vir daardie volk. Dit is *gladnie* 'n wetspunt, of 'n konstitusie, of 'n keiserryk, of selfs ook onderskeidinge in wetgewende mag nie. Dit is ons sobere plig om die regering te vorm, in ooreenstemming met die omstandighede van die volk. Ons kan maar net die tegniese vernis by hulle nasionale aspirasies aanbring. Ons moet nie uit die oog verloor, dat daar niks progressiefs is wat op sy oorspronklike plan bly lê nie. Ons kan dan maar net so goed 'n volwasse man in die wieg van 'n kind rondswaai."

BURKE,
Engelse Politieke Filosoof.

„Wat as goed beskou kan word vir 'n Europese land, selfs al is die toestande min of meer dieselfde, kan nog gladnie so goed beskou word vir domieniums 6000 myl ver verwyder nie. Daar is maar net drie regeringsvorme—t.w. die monargale-, of eenhoofdige-, die aristokratiese- en die demokratiese-regeringsvorm.

Waar die merendeel van 'n bevolking in onkunde verkeer, daar is die beste regeringsvorm die monargale, terwyl vir 'n opgevoede bevolking 'n Demokratiese regeringsvorm te verkies is. Word 'n koning somarso op 'n volk afgeforseer, dan maak daardie volk nie ideale onderdane uit nie en word 'n ongewenste regeringsvorm in die lewe geroep. Dit is soos 'n stom-onnosel argitek, wat trots is op sy ontwerp, en onverskillig is omtrent die stof waaruit sy gebou moet opgetrek word."

MONTESQUIE,—
Franse Filosoof.

„Waar 'n monargie of tradiesie ageer, daar berus 'n Republiek op geloof. Enige beskawende invloed, wat die nasionale karakter moet affekteer, moet noodwendig 'n nasionale stempel dra.

Geen volk het die reg om sy voortbestaan te verpand aan enige ooreenkoms, wat later sy soewereiniteit kan beperk nie."

TREITSCHKE,
Duitse Historikus.

„Ek aarsel vir geen oomblik in my geloof dat die Almagtige Groot-Brittanje en Amerika uiteindelik sal skei nie. Noem dit onafhanklikheid, of wat u ook maar wil; dit is die Godsplan en die van die mensheid. Dit sal so ontwikkel. Hoe meer 'n regering 'n Republikeinse regeringsvorm beoefen, hoe minder plek daar vir 'n koning is. Die son het nog nooit oor 'n grootser waarheidswaarde geskyn nie. Dit betref nie die welvaart van 'n stad, 'n land of ook 'n provinsie nie; nee dis hier 'n hele Vasteland waarvan die belange op die spel staan. Hier word nie gehandel oor 'n dag, 'n maand of 'n jaar, selfs nie eers 'n menseleeftyd nie. Die *nageslagte* is almal betrokke in hierdie stryd. Die keuse wat ons hier maak sal hulle wel of wee gunstig of ongunstig beinvloed, totdat ons nie meer oor so'n toestand as Tyd kan praat nie. Laat ons die laste van vandag geduldig dra, teneinde vir onsself en vir die nageslagte eindelose vrede te verkry."

THOMAS PAINE,—
Amerikaanse Patriot.

## HISTORIESE OORSIG.

Toe Generaal Hertzog teruggekeer het van die Imperiale Konferensie in 1926, het hy aan die Nasionale Party die dogmatiese versekering gegee, dat die volk van Suidafrika nou Soewereine Onafhanklikheid verkry het. Hy het die indruk gegee dat hy hierdie konsessie van die Engelse Regering ontworstel het, deur krag van argumente, wat gerugsteun was deur beleefde dreiemente. Dit was die laaste bedryf in 'n Treurspel wat getuig het van gedurige selfopoffering, reusagtige poginge, vernedering, 'n onwrikbare onafwykende lojaliteit vir 'n groot *Nasionale Idee.* Weëns die onvergelyklike dienste wat die Generaal in die verlede aan sy volk bewys het, het die meeste van sy volgelinge hierdie idee van Onafhanklikheid onvoorwaardelik aanvaar. Hoe kin-

deragtig-lomp tog, sou dit gewees het om hierdie gawe van vryheid te durf skrutineer, te analiseer of te bekritiseer. Hierdie vryheid wat gebring is deur 'n man wat 25 jaar lank die verpersoonliking was van ons bitter nasionale worsteling teen 'n bloedsuigende Imperialisme. Generaal Hertzog is in sy siel oortuig dat hierdie Onafhanklikheid, die uitendelike doelwit is, waarna die Afrikanervolk gesnak het. Dus, na die stormende onweer van 'n honderdtal jare, het ons eindelik die veilige hawe bereik. Om hierdie beeldspraak andersom te gebruik: Die Onafhanklikheid van 1926, voorsien nie alleen die hoeksteen nie, maar ook die sluitsteen van ons politieke volksgebou. Die worstelstryd deurgemaak deur ons ou voorvaders by Graaff-Reinet en Swellendam in die Kaap en in Natal en later in die Vrystaat, was tog ongetwyfeld — *Soewereine Onafhanklikheid.* Die eenvoudige ou mense van daardie grys verlede, ongewoon aan geheime diplomatiek, dubbelsinnige uitdrukkinge of ingewikkelde terminilogie, het hulle daargestelde regeringsvorm 'n *Republiek* genoem. Dit was te wyte aan hulle ongekunsteldheid, want niemand kon hulle beskuldig dat hulle doelbewus die gevoelens van hulle medemense sou beseer het nie. Deurdat hulle nie in literêre- en wetenskaplike-sake geskool was nie, was hulle die prooi van sekere bygelowe. Een daarvan was 'n onwrikbare ongeloof in konings. Dit werd toegeskryf aan hulle hardnekkige gehegtheid, aan die leerstelling oor hierdie saak in die Ou Testament. Samuel se strenge aanmaning om die tragiese niksbeduidenhede van koninklike regerings te ontduik, skyn diep deur die murg van ons ou mense gedring te hê.

As Generaal Hertzog vandag wil beweer, dat die verkryging van 'n Republiek nie sy doelwit was nie, dan het hy onbewus al sy volgelinge—myself bygereken—mislei. As hy nie 'n *Vrye Republiek* in sy stryd beoog het nie, dan sou hy geen volgelinge in die saak gehad het nie. Nog deur woord, nog deur daad, het hy ons ooit die minste teken gegee dat hy enige twyfel gehad het omtrent ons toekomstige Republiek. Talryke male het ek gesprekke met die Generaal gehad, veral in die donkere dae van ons worstelstryd. Talle van kongresse van ons party het ek bygewoon—

asook gesamentlike kongresse by Bloemfontein. Ek onthou baie goed, *waarom* die Herenigingskongres by Bloemfontein op 'n mislukking uitgeloop het. Ek kan maar nie uit my geheue die besonderhede in verband met die Onafhanklikheids-Deputasie na Europa, uitwis nie. Ek dink nog maar steeds aan die *heelnag-sitting* van die Parlement toe gedebateer is om lewe en dood oor die Onafhanklikheidskwessie. Het die Nasionale dag- en weekblaaie van Suidafrika nie in groot letters die name van die lede wat vir, en die wat teen 'n *Vrye Republiek* gestem het, gedruk nie? Ja, ek dink nog gedurig aan daardie onvergeetlike nag! Het die volk van Suidafrika die Generaal nie beskou as die beliggaming van al sy idees oor die saak nie? Omdat hy beskou werd as die Aarts-Republikein, was hy deur sy vyande venynig gehaat, maar deur sy volk—innig geliefd! As vir 25 jaar lank hy maar slegs gepleit het vir gelyke status, sou hy geen prestasie verower het nie, maar sou hy net vriendskaplike verhoudinge met die Britse volk aangeknoop het. Met ander woorde, hy sou net sy politiek met die van Botha en Smuts versoen het, asook met die van die Iere, Collins, Griffiths en Cosgrave. Hy sou gekokketeer het met die gek onsin van oorlede Botha dat naamlik solank daar een Engelsman is, wat teen 'n Republiek is, mag ons dit nie waag om 'n Republek uit te roep nie. Nooit het die arme Botha wat letterkunde en geskiedenis betref, vrywel onkundig was, gedink aan die teëstelling van die voorgaande, dat solank daar een Nasionalis is, wat die Imperiale idee verwerp, dit gekheid sou wees om dit op te dring. Nee, kyk, Generaal Hertzog kan nie saam met die Engelse staatsmanne uitroep nie: „Ek het my voet geset op die spore van ons voorvaders—voetspore waarin ek nie kan afdwaal of struikel nie!" Daar is niemand in ons land wat die worsteling wat Hertzog deurgestry het, meer bewonder en waardeer as ek nie. Dit is 'n stryd-panorama wat waardig is om in die geskiedenis van lyding, geroem en gevier te word. Meer as een ander, was dit hy, wat aan die Afrikaner gegee het, daardie gees en vertroue wat berge beweeg. Hy het feitlik aan die Nasionale idee geboorte gegee, byna in dieselfde sin as wat Mazzini dit gedoen het.

Maar die moeilikheid met die Generaal lê in die feit dat hy probeer het om sy roem vooruit te loop. Hy was voortvarend-ongelukkig haastig om aan sy volk die versekering te gee dat hulle nou *onafhanklik* is. *Hy* het die toppunt van sy politieke ambiesie bereik en wie is ons om nou om te sien na ander wêrelde om te verower? Dit sou vir hom niks anders wees nie as 'n mosie van wantroue nie; vandaar sy byna geweldige ongenoeë as daar maar net kritiserend gekik werd, om nie te praat van vriendskaplike navraag nie. Durf hy ontken dat iemand wat 25 jare met hom saam gely het, iemand wat die donkerste swartedal met hom saam deurkruip het, *nie die reg het om te klaag nie*? Het ek nie opgeoffer, my gesondheid, my tyd, my professie en al die geriewe van die lewe, net om maar die politiek te bevorder, wat ek gemeen het, wat hy in die diepste roersele van sy hart gekoester het? Dikwels gedurende die rampsalige wêreldoorlog het ek my lewe in die stad Johannesburg vir my oortuiging gewaag. Was dit nie met verskeie gevalle my taak, om die persoon van die Generaal te beskerm teen beledinginge en liggaamlike aanranding? Ja —voorwaar *sy* lewenstaak was ook die hartstog wat *my* verteer het, en die rede waarom ek dit nodig geag het om te bestaan. Ook ek wou my Vaderland eer, nie maar net as 'n idee nie, maar as 'n mag wat nog moet op- en tentoongestel word onder die ry van nasies. Hier het 'n mens 'n briljante episode van historiese sarkasme, dat vóór 1926 ek deur die Johannesburgse jingogroep vervolg en rondgejaag werd, omdat ek 'n Republikein was. Dit was met my soos dit met die Amerikaanse Patriot die geval was. Hy was gehaat deur die Lojaliste—„omdat ek Onafhanklikheid innig liefgehad het," so sê Samuel Adams. „Die mense ontwyk my soos iemand wat deur melaatsheid aangetas is. Ek loop eensaam deur die strate neergedruk deur die las van sorge en ongewildheid."

Dit skyn asof die teenkant van die historiese rol vandag vertoon word. Die jingo is heeltemal onverskillig, net daarop uit om geld te maak en sy oordrewe sug na stoflike besitting, te bevorder. Wie praat vandag nog van die Republikeinse regerings-vorm? Dit is die sogenaamde Afrika-

ner wat voor 1926 byna uit sy vel gebars het van pure republikeinisme, wat nou huiwer en in elke windjie die aantog van die gevreesde Republiek verwag.

Dit is geen wonder dat Generaal Hertzog sy baie buitengewone toespraak te Hoopstad kon lewer nie,—'n toespraak wat voorwaar by uitstek die teëstelling is, van sy beroemde rede wat hy jare gelede by de Wildt gehou het.

Hierdie laaste toespraak het rondborstig aan die wêreld verklaar, dat ons *Vryheid liefhet,* en 'n bloedsuigende Imperialisme *innig haat.* Die Hoopstadse toespraak verwerp eenvoudig ons Republikeinse aspirasies en 'n moderne Jesaja waarsku ons teen die toekomende toorn. Hierdie toespraak hou jou warempel waar 'n dreiement in ten bate van die hier inwonende Britse seksie. Om dit te gesê het was eenvoudig oorbodig. Dit pas heeltemal in die kraam van die Botha-tradiesie, naamlik, die van onnosele konsiliasie, wat so pragtig aan die Afrikaner sy minderwaardigheids-kompleks besorg het. Dit is baie beter om getrou te wees aan 'n hoë beginsel en daarby te val, as om lamlendig-swak die witvlag op te steek onder die valse indruk dat jy ewigdurende harmonie skep. Is dit nie 'n feit nie dat as eenmaal 'n groep manne kant gekies het aan teenoorgestelde rigtings hulle dan 'n liefde-siekte aansteek vir die leiers van die party wat hulle volg en 'n bitter vyandskap vir hulle teenstanders?

Dikwels erf die nageslagte hierdie hartstogte oor. Hierdie persoonlike gehegtheid lei 'n mens dikwels onmerkbaar weg van sy beginsels. Hoe weinig tref 'n mens 'n party aan wat as grondslag 'n ware verskil van sentiment en belange presteer? Die pers van die Nasionale Party het eenvoudig die leiers gevolg. Ek neem hulle dit nie kwalik nie. Van twee dinge moes die Redakteurs een doen: Of hulle moes die Hertzog-Onafhanklikheids-evangelie verwerp en op dié wyse meer wrywing in ons geledere teweegbring, — ai, en sou die altyd waaksaam-loerende vyand nie in sy vuis gelag het nie—óf hulle moes hulle aanpas by die gegewe verklarings en die belangrikheid van die behaalde *„Oorwinning"* oordryf.

My eie beskeie, dog onafgebroke dienste vir meer as 10 jaar lank aan die Nasionale pers ge-

wy, kan maar vir die gemak ge-ignoreer word, want kyk, ek het klaarblyklik niks bygedra tot die verklaring van *„Soewereine Onafhanklikheid'* nie. Ek was in die worstelstryd die vernaamste voorstander van 'n Republiek! Ons het oënskynlik baanbrekerswerk gedoen en toe ons begin glo het dat die wenpaal op baanhorison sigbaar word, word ons deur vals lokstemme en slu oogmerke aangetrek na die Imperiale kraal. Daardie oogmerke was te geslepe-slu bedink om verstaan te word deur mense wat nie in die doolhof van Diplomatiek geskool is nie. Hulle het die tou op verstandige wyse laat skietgee, maar dit was nog maar altyd dieselfde ou *Imperiale-tou!* Generaal Hertzog sou waaragtige staatsmansbeleid aan die dag gelê het, as hy die volk op kongres bymekaar geroep het en gesê het:

„Vriende, 25 jaar lank het ek julle deur 'n wilde wosteny gelei. Deur bo-natuurlike poginge het ek julle in staat gestel om die vryheidsvlag veilig oor 'n aanmerklike gebied te bring. Ons het een na die ander, elke skans verower en uiteindelik sal ons die vesting *moet* inneem. Dit kan ons op konstitusionele wyse doen, deur die *entoesiasme van ons opkomende geslag*, asook met die medewerking van 'n rotsvaste ewolusie. As die vernaamste rolvuller, op die Nasionale toneel, kan ek nie heeltemal my rol uitspeel nie. Die yskoue logika van omstandighede werk teen my. Waarskynlik sterf ek nog voor die eindbedryf, maar die uiteindelike oplossing of ontknoping sal veroorsaak word, deur die stoot wat ek die Drama toegedien het. My voorbeeld sal die opkomende geslagte inspireer, en sal in herinnering bly tot lank na my dood. Die omvang van my karakter kan slegs gemeet word in terme van die uiteindelike resultaat. Die arbeid van selfsugtige en gewone mense sal nie eers hulle lewensspan oorleef nie. Ek hoop en bid net dat my voorbeeld voortdurend rigting aan die eindbestemming van my land sal gee—my land waaraan ek 'n politieke bestaan gegee het. Daar was veelvuldige faktore wat my behulpsaam was. Daar was bv. die Nasionaliteitskieme. Ek het verder vertroue luitenante tot my beskikking gehad, en veral het ek steun gevind in 'n toegewyde en vreesminagtende volk. Julle het my vertrou. Goed, dit wil ek reg-

vêrdig deur my vertroue aan julle te skink. Ek het van die Imperiale Konferensie met hoegenaamd niks nuuts in my sak teruggekeer nie. Ongetwyfeld sou ons, ons versoeke kon gemaak het of gelykluidende antwoorde in 1922 of 1923 of ook 1924 van die Britse regering, verkry het. Deur die konferensie daartoe instaat gestel, kon ek ons opienies en oogmerke voor die Engelse en Koloniale Ministers lê. Hulle sou voorwaar baie dom gewees het as hulle nie die buitengewone ontluiking van 'n Nasionale selfbewuswordende gees in Suidafrika onderken het nie. Hulle is verplig om toe te stem in, of hulle te onderwerp aan hierdie gees, as 'n vir hulle noodsaaklike kwaad. Hoewel ek self 'n wetgeleerde en derhalwe 'n beswaarmaker oor konstitusionele geskilpunte is, was ek noodgedwonge om hierdie here daarop te wys, dat 'n Soewereiniteit wat nie uitdrukking aan sy onafhanklikheid kan gee nie, niks anders is nie as soveel *gewettigde onsin*. As 'n volk waarlik in staat is om sy wil onafhanklik uit te druk, kan 'n soewereiniteit of sentrale mag van elders geen beheer oor hom hê nie. Ons hier in Suidafrika moet net eenvoudig aan ons eie welvaart dink. Dit verwar net die begrip van die betrekkinge om aan te neem dat 'n persoon of staat sal handel op 'n motief wat vreemd is aan ons nasionale welsyn. Gee ons die beste wat u het en ontwyk die slegste. Enige regering moet hom aanpas by die plaaslike toestande en tradiesies. Enige inmenging van buite sal noodlottig wees. Ons in Suidafrika moet ons eie tradiesies skep en daarop voortbou. Die verouderde gewoontes, die ou stands-onderskeidinge hierheen uit Engeland ingevoer sal net ons opbloeiende demokrasie ontbind. Die Imperiale Konferensie was slegs 'n samespreking van volksleiers. Daar was geen sprake van, dat hulle 'n Hoogste Outoriteit of Federale Raad sou uitmaak nie. Dit was uitsluitlik 'n vergadering van gedagtewisseling of formulering van sekere konklusies wat enige Regering kon verwerp of oorweeg. Hierdie gevolgtrekkinge kan nooit die fondamentele opvatting van Gelyke Status be-invloed nie. Daar was inderdaad geen voortgang in ons konstitusionele posiesie nie. Al die buitenlandse regerings het die indruk gekry dat die Britse keiserryk 'n mili-

têre, 'n ekonomiese en diplomatiese eenheid uitmaak, en dat ons almal deur daardie bande aanmekaar verbind is. Selfs mnr. Balfour, 'n outoriteit van naam, weet aan ons op te dis, dat die 'Empaaier' 'n internasionale eenheid is en hierdie opvatting het al die verrigtinge deurweek. Wat van belang is, is dat die beginsel van die Volkerebond onverenigbaar is, met die beginsel van Imperiale eenheid. Die ingewikkeldhede van die Imperiale rapport is 'n direkte uitdaging op ons gevolmagtigde regte as 'n onafhanklike lid van die Volkerebond. Vreemd genoeg, word die Britse keiserryk slegs dan as 'n eenheid beskou, wanneer dit in die kraam van die belanghebbendes te pas kom. Dit is Engeland! Voor Amerika en Duitsland kom sy doodbedaard met ses stemme, sodat in die wêreld aangeleenthede sy vrede of oorlog kan bepaal met ses stemme! Maar uiteindelik moet ek voor u erken, want ek wil u nie mislei nie, dat hierdie „nuwe status" op geen wettige gronde berus nie. Ons het maar net 'n vriendskaplike onderhoud gehad dog geen wesenlike wettige, Parlementêre, of regterlike mag, het dit bekragtig nie. Laat dit julle egter nie ontmoedig nie. Ek maak 'n beroep op julle jong Afrikaners en sê julle: Laat niks julle vrees aanja nie. Ek het die bitter van die dag se stryd gedra. Julle sal die voorreg hê om die Vryheidsvaandel 'n stappie verder te dra. Dit is nie altyd die bereiking van die doel nie, maar kragsinspanning, oortuiging en hoë bedoelinge wat die kroon van onsterflikheid verleen. Ons wil nie duld, dat 'n uitheemse nasie ons vryheid vir ons in pag moet hou nie. As hulle ons volkome vryheid terughou, moet hulle dit tussen hulleself verkleineer. Hulle moet noodwendig 'n saak waarvoor hulle grootste manne hulle bloed feil gehad het, innig haat. Maar nog altyd, het kwaadwillige diplomatiek weggesidder voor die wette van die natuur en die raadsbesluit van die Voorsienigheid.

Die essensiële magte van 'n nasie huisves in die jeug van daardie nasie. Institusies en konstitusies kan nooit domineer nie, maar is slegs 'n weerkaatsing van wat die jong manne verkies om te dink. Ons moet die Europese grondreël, dat afgelefdheid die toon moet aangee, en oudheid die politiek wat gevolg moet word moet dikteer ten

einde nasionale grootheid te bevorder, vermy as die pes. Ek weet maar al te goed watter vlam julle harte aanwakker en julle ideaal in die lewe hou. Miskien het julle van my die Duisendjarige Ryk verwag. Ek het daarvan afgesien om 'n regeringsvorm te noem wat net die gevoelens van my teenstanders sou seermaak. Julle kan dit vir julleself in die stil nagwake troetelend meedeel. Ek kan my enigsins voorstel wat daar in die harte van my kollega's die here Roos, Grobler en Generaal Kemp omgaan, hoewel ek daar nie seker van is nie. In *hulle* geval kan daar geen spoor van twyfel wees nie, waarvoor hulle geworstel het, en wat hulle gekoester het. Hulle gee nie lug aan hulle gevoelens nie, omdat hulle my kollega's is, en ek beklee 'n posiesie van groot verantwoordelikheid. Die oudag is die tyd vir omsigtigheid en deskresie. Gee my die jeug vir voltooiing, entoesiasme en durf. Julle kan sneuwel in die slag, hoewel morele en politieke vooruitgang in elk geval gevrywaar word. Julle jong manne is alleen instaat om die sosiale en politieke rewolusies, wat vooruitgang spel, te bevorder. Om agtelosig-gedwee 'n 'status quo' te aanvaar, om verandering wanneer nodig teen te staan, beteken eenvoudig om met die dood te speel en om die welvaart van die mensheid te verraai!"

Dit is wat Generaal Hertzog vir sy volk moes gesê het, maar hy het nie!

——ooOoo——

## II.

## DIE HANDELSVRAAGSTUK

---

Daar my oproep gerig is aan Jong Suidafrika, sluit dit jong Afrikaners van albei Europese hoofrasse in. Van hulle word verwag dat hulle hul gedagtes vrymaak en onafhanklik gaan dink. Die toekomstige welvaart van Suidafrika hang van hulle onbevooroordeelde dinkvermoë af.

Die handelskode van Engeland gedurende die sewentiende en agtiende eeu, was, om die minste daarvan te sê—*ondraaglik*. Dit was eenvoudig 'n eksploitasie-sisteem, wat al die destydse oorloë teweeggebring het, en wat oorsaak was, dat sy al haar Amerikaanse Kolonies kwytgeraak het. Nou, —die bewoording van daardie ou kode mag verandering ondergaan het, maar die gees is nog altyd dieselfde. „'n Jakkals verander wel van hare —maar van nukke nooit!"

Toe die tirannie van konings stopgesit is, het die dwinglandy van die Parlement begin. Hierdie stelsel het nou die hooforgaan van handelsbelange geword, en niks meer of minder nie. Handelaars was besiel met 'n blinde en gewetenlose hebsug, daarop uit om monopolieë te verower en wat die algemene volksbelange betref—was hul eenvoudig onverskillig. Deur middel van talryke handels-wetsontwerpe, sowel op land as ter see, het Engeland sy uiterste kragte ingespan om die Amerikaanse handel die kop in te slaan, met die voorbedagte bedoeling *om hierdie land uit die wêreldmarkte, uit te sluit.*

Want—was volgens Engeland se politiek, kolonies nie maar net aangelê om Imperiale belange te bevorder nie? Wel was Engeland heeltemal in staat om Amerika 'n goeie mark vir sy grondstowwe aan te bied, maar instede daarvan het sy die Amerikaanse handel belemmer met walglike wetsbepalinge.

Een daarvan was, dat die Koloniste geen artiekel mog vervaardig nie, wat ook in die stief-

moederland vervaardig werd. Hulle wou geen kompetiesie duld nie. Hierdie maatreël sou die handel van Amerika doodgewurg het, was dit nie vir 'n heilsame smokkelhandel nie. Groot en verstandige Engelse staatsmanne het hierdie gevaar ingesien en adviseer om vryheid aan die kolonies te verstrek.

'n Mens kan net so goed, indien nie nog beter nie, met onafhanklike state handeldrywe. Selfs op politieke gebied, sou die betrekkinge tussen sulke state beter wees, daar dit 'n omstootlike feit is, dat gesmoorde ontevredenheid, nooit 'n gesonde band, wat volkere aanmekaar bind, kan wees nie. Deur sulke groot afstande tussen volkere, is daar klaarblyklik 'n byna algehele gebrek aan gemeenskaplike belange. Dit is 'n feit dat Engelse politiesie baie geslepe is en waarskynlik 'n besondere lae opienie het van die menslike natuur.

Gedurende die afgelope dertig jaar was daar vooraanstaande politiekusse, wat 'n vir Engeland *Beskermende Politiek* vuriglik verdedig het. Dit het nie geluk nie, omdat dit te in die oglopend teen die belange van die bevolking was. Hierdeur nie uit die wind geslaan nie, het hierdie selfde menere nou vir *Hervorming van Tariewe* gaan pleit, net om weer die onderspit te delf. Hier is weer 'n geval waar die bewoording verander, maar die politiek dieselfde gebly het. Dit was nou 'n kwessie van *beveiliging*, maar ook in hierdie geval het hul geen sukses gehad nie. Engeland het die toppunt van haar handelsroem bereik deur middel van 'n *vryhandels* politiek. Die 'Tory-jingo' politiekusse, wat verteenwoordigend is van die handelaars- en grondbesittersklasse, probeer nou om hierdie politiek weer om te keer. D.w.s. hulle is bereidwillig om 'n niksbeduidende faksie te verhef bokant die gemeenskaplike welvaart van hulle land. Hier het ons die ware vyande van Suidafrika en van al die ander kolonies. Tot ons ongeluk het hulle, hul verteenwoordigers in ons land,— mense wat onverbeterlik en verstok is in hulle venynige haat vir Suidafrika. Dat Suidafrika voorspoedig sal wees, is 'n vooruitsig wat hulle laat sidder en beef, nog altyd besiel met die ou stomonnosel-geloof dat Suidafrika se voorspoed, Engeland se ondergang moet beteken.

Omdat die Afrikaner, daardie dinge, wat hom baie na aan die hart lê nie wil verkwansel nie—ja—nou is hy 'n rassehater en is sy opienies ouderwets of plattelands! Pure uitskelpolitiek! Waarom moet ons dan altyd voorkeur gee aan 'n ander—vir ons vreemde nasie, terwyl ons respektiewe belange tog nie dieselfde is nie? Inderdaad word van ons verwag om onsself oor te gee aan, en die ideale na te streef van, mense wat deur die groot staatsman Burke, genoem word: 'n bende laag, gemene, meganiese politiekusse, vir wie daar niks terwêreld van enige waarde is, as net die dinge wat bloot ru-materialisties is. Hoe op aarde kan sulke mense die belange van 'n keiserryk bestuur? Ek het reeds gesê dat Engelse staatsmanne nie sal durf om *definitief-beperkende handelswette* teen ons te passeer nie, en tog bly die ou gees van naywer en jaloesie die botoon aangee. Dus, die bewoording van hulle ou politiek is maar net gewysig. Steeds hoor ons van *voorkeure* wat aan Engeland geweldige voordele besorg, tenspyte van die feit, dat aan ons opgedis word, dat die *'Empaaier'* 'n ekonomiese eenheid is! Dieselfde 'Empaaier' slaan met lede oë die welvaart van Suidafrika gade. Daarom sal die bewindhebbers daar, voortgaan om verdeeldheid onder ons op te kweek, om dan die buit wat daaruit voortspruit te monopoliseer. Ook ons, nes die Amerikaners, moet hierdie aanmatigende verwaandheid van ons afwerp en versmaad om ons te laat gebruik as instrumente vir die daarstelling van Imperiale of Europese grootheid.

„Ons moet ooreenstem om 'n eie groot *ekonomiese sisteem* daar te stel,—'n sisteem wat meester is van trans-Atlantiese beheer,—'n sisteem wat in staat sal wees om alle handelsvoorwaardes en politieke regte voor te skrywe. Laat Europa maar gerus sy rusies, sy oligargieë, sy uitgeslete tradiesies vir homself hou. *Ons* het hulle nie nodig nie!"

Nou word ons beskuldig van kleinsielige dwepery en ten spyte van ons groot oorwinning by die jongste verkiesing, van politieke agteruitgang. Wanneer jou opponente 'n neerlaag ly, dan is hulle aanval tereg gewoonlik gebaseer op gemene gedagtes wat uiting soek in nog gemener beskuldigings. Hulle besit 'n jingoistiese pers, wat pre-

sies hulle teleurstelling en daaruit voortvloeiende vergif, vertolk. Ons wat verlang om die reputasie van ons enigste vaderland te verhoog, ons wat aan Suidafrika soliede fondamente tuis wil gee, en agting van oorsee wil afdwing—ons word plattelands en ouderwets genoem! Ons gevolmatigdesisteem word bespot, deur daardie kleinsielige 'Afrikanertjies' wie se enigste genot in die lewe is om aan te hoor hoe hulle land verkleineer word. Ons wat geskiedenis lees weet watter treurige lot die sogenaamde lojaliste te beurt geval het; Daardie lojaliste wat onophoudelik vir die ware Amrikaners die verordineerde weg na politieke, morele en ekonomiese vryheid, versper het. Watter, ek wil byna sê, spotspektakel, moet ons hier in Suidafrika aanskou? Dit naamlik, dat 'n groepie politieke draadtrekkertjies in oorleg met hulle winkelbaas-bondgenootjies verplig is om hulle te beroep op die Duitse Verdrag, hulle enigste strydwapen in hulle hopeloos verswakte politieke arsenaaltjie! Sonder hierdie wapen sou hulle gedurende die algemene eleksie en sal hulle nou daarna, in absolute onmag kruip, en voor 'n verstandige publiek niks uitvoer nie! Ongetwyfeld moes die Regering, uit medelye, hierdie politieke dwergies van een of ander wapen voorsien. Ek vra u nou of dit enigsins moontlik is om in so'n verstikkende politieke atmosfeer nog te durf gewag maak van die staatsbeleid van staatsmanne van naam en van vooraanstaande filosowe?

„As mens en as Brit" sê die filosoof Hume, „bid ek vir die welvaart van Frankryk, Duitsland, Spanje en Italië. Ek hou my daarvan oortuig, dat Brittanje en die res beter sal vorder, as hulle 'n gelyksoortige groothartigheid teenoor mekaar aanvaar. Om enige land te verbied, sy eie boustowwe of indústrieë te gebruik op die vir hom voordeligste wyse, is niks minder as die pleging van 'n misdaad op die regte van die mensheid. Sulke beperkinge is die skilde van slawerny, wat op worstelende nasies afgedwing word, deur die redelose jaloesie van Engelse handelaars." Hierdie armsalige gees vier nog hoogty onder die *'Tory-jingo'* seksie van Suidafrika, net soos dit die geval is met hulle boeties in Groot Brittanje. Maar—u weet dis moeilik om water bergop te laat loop. Hierdie bose gees hou die ontwikkeling

van die handel terug, bevorder monopolieë, maak die rykes ryker en die armes armer, en verhinder gedagtewisseling onder die volkere; uiteindelik loop dit uit op oorlog, wat nooit 'n redmiddel is nie. Om die Amerikaanse handel te verpletter het Engeland twee verwoestende oorloë met daardie land gevoer. Gelukkig het sy nie haar doel bereik nie.

Vandag is Engeland se gewese kolonie geheel vry van Engelse politieke onbeskoftheid met 'n bevolking van 120 miljoen, en gedurende die laaste wêreldoorlog, was die Amerikaanse Republiek net in tyd om Engeland te red, van 'n provinsie van Duitsland te word. Ten einde *handel* en *vryheid* te bevorder het Amerika egter die brandnetel flink beetgepak en die resultate vir die mensheid was onskatbaar. Engeland sowel as haar 'Tory'-bondgenote moet aan die verstand gebring word, dat nie alleen ons onafhanklikheid, maar ook ons vooruitgang van ons fabriekswese afhang. Ons moet, wil ons 'n nasie wees, in besit wees, van al die essensiële benodighede van 'n Nasionale kommissariaat. Ons moet voedsel, kleding, en middele en verdediging besit. As ons dit mis, dan skiet ons te kort in ons nasionale lewe. Dit is in tyd van oorlog wat ons die gevaar van onbevoegdheid opmerk en beleef. Ek het voortdurend in my vorige skrywes daarop gewys, dat ons die Amerikaanse voorbeeld meer as enige Europese benader. Gedurende die rewolusie kon Amerika slegs Engelse goedere wat op hom afgedwing werd, boikot. Kort na die algehele sesessie het die Amerikaanse staatsmanne politieke gedragslyne geformuleer, wat vandag in volle swang is. Daar was soveel as een finansier, wat die Amerikaanse konstitusie, nie alleen nie, maar ook die finansiële-sisteem aan sy volk gegee het.

As die 'Tory'-jingoes van Suidafrika net 'n bietjie historiese sin besit het, kon ons hulle die groot ideaal van ko-operasie en finansiële maatreëls van Alexander Hamilton, aanbeveel het. Dit sal net op dowe ore val en daarom wend ek my tot die opgroeiende geslag; hulle is altyd meer ontvanklik vir oortuiging. Hamilton het nooit kant gekies nie, maar het onverpoosd gepleit vir onderneminge van verskeie aard asook vir veelvuldige indiensneming. 'n Nasie mag nie oorhan-

gend of topswaar wees nie. By 'n vol ontwikkelde gemeenskap sal die natuurlike genie en aanpassingsvermoë van elke man, wat sy bestaan graag wil maak, geredelik 'n werkkring wat met sy aanleg ooreenstem, verkry. Dit dra tot die rykdom van 'n land by as daardie land genoegsame speelruimte kan verskaf vir al sy sluimerende talente. Ons gee nuwe energie aan die bron van poginge, deur ambagslui, landbouers, wetenskaplikes en handelaars aan te moedig. En dit kan voorwaar nie oorgelaat word aan 'n handjievol selfsugtige indiwidue nie. Dit is die taak van die staat om aanleidinge te verskaf, wat sy mense sal laat deelneem in die handel—teneinde jong industrieë te rugsteun teen die roekelose aanvalle van magtige mededingers,—en om vreemde handelsregulasies met 'n kragtige politiek van natuurlike verdediging te oortref. 'n Man moet sy land in sy geheel beskou; nie net 'n uitgesoekte belang van die land nie. As ons 'n gemeenskap het, wat oor die algemeen goed gebalanseer is, bevorder dit nie alleen alledaagse voorspoed nie, maar be-invloed dit ook die karakter van 'n nasie ten goede. Om ons goeie naam te beskerm het ons sakemanne meer as 150 jaar gelede aanbeveel dat daar inspekteurs vir produkte en fabrieke sou aangestel word. 'n Uitgebreide Raad, geldelik goed voorsien, moet fungeer. Hierdie Raad moet hom wy aan die bevordering van kuns, wetenskap, landbou, fabrieke en handel. Maar al hierdie laasvermelde faktore word van die allergrootste belang in ons omgang met vreemde nasies. Dit kan alleen bewerkstellig word wanneer ons ambiesie ons dring tot vrede in pleks van oorlog.

Enige verwarrende bondgenootskap of verpligtinge teenoor 'n besondere land kan maklik noodlottige gevolg hê, veral as so'n land 'n voorliefde het om ander nasies se grondgebied of minerale bronne te verower. Ons in Suidafrika kan wel breë insigte daarop nahou, maar dis heeltemal oorbodig om ons te vermeng met die rusies van vreemdelinge. As die volk van Suidafrika wil leer om saam te werk vir die heil van ons vaderland, sal hulle nie alleen innerlike krag nie, maar ook vrede, bewerkstellig.

'n Ander kwessie van groot belang is immi-

grasie. Ons moet alternatiewe vir landbou in die lewe roep, omdat mense wat van oorsee hier aankom, gewoonlik onkundig is omtrent boerdery en onwetend omtrent die voorwaardes wat suksesvolle boerdery verseker. Amerika het sy groot bevolking verkry, omdat die immigrante persoonlike onafhanklikheid en ander geoorloofde vryhede verkies het bokant, die afskuwelike kaste-sisteem en beperkinge van 'n verouderde Europa. Hulle het plek gemaak vir ambagsmanne van enige soort. Maar dit kon slegs gebeur onder 'n vry en onafhanklike vlag, waar rasgevoelens nou ondergegaan het, waar die vuilnis en verrotting van klein verskilletjies uit die pad gevee was. Nee, as die jingoes nou waarlikwaar hier 'n groot blanke bevolking wil sien, laat hulle dan „Suidafrika eerste, industriële voorspoed, 'n opsigselfstaande en selfonderhoudende Republiek, verkondig. Laat hulle afsien van hulle hartstogtelike verknogtheid aan 'n ander nasie; laat hulle afsien van hulle ingewortelde antipatie teen almal wat nie hulle nasie is nie. 'n Groot bevolking sal die land deur 'n normale kanaal instroom, sonder om hom te bemoei met gewone wetgewing of politieke voordele. Dit sal die grootse taak van ons jong Afrikaners wees om hulle lewes te wy aan die evangelie van 'n onafhanklike Suidafrika. Dit moet hulle doen onder 'n diep koesterende besef van die ideale van ons voorvaders.

Hulle moet hulle nie alleen aktief toelê op die handel van ons land nie, maar hulle moet jaloers wees op die geestelike erfenis van ons voorgeslagte. Laat ons die laaggemotiveerde handelsambiesies, wat Karthage en ander lande in die grond geboor het, versigtig vermy.

Selfs ou Rome met sy veelvuldige deugde het verrot, weëns sy mammonaanbidding. Hy het slaafse eerbiediging betoon aan die besit van die so seer begeerde weelde en rykdom.

Hoe groot en beroemd sy politieke organisasie ook al mag gewees het, deur hierdie euwel het hy op die lang baan ontaard in 'n selfsugtige *Plutokrasie.* Jong Afrikaners: Die 'Tory-jingoes' in Suidafrika aanbid dieselfde afgod,—*en wee ons —as daardie 'ideaal' ons volk moet gaan lei—en oorheers!*

## III.

## „'N REPUBLIKEINSE OF KONINKLIKE TRADIESIE!"

Deur die minderheid van 'Tory-jingo's' word dit veronderstel dat Suidafrika vir goed deel uitmaak van die Britse Keiserryk. Hulle maak aanspraak hierop deur die reg van verowering, en is innig oortuig daarvan dat die verowerdes kinderlik dankbaar behoort te wees, dat hulle nou onderdane van 'n koning kan wees! Hulle getrouheid aan hierdie koning word getoets deur die aanbidding van 'n simbool—die 'Union Jack.' Verder word van hulle verwag om 'n slaafse knieval te maak, wanneer hulle 'n versameling "Empire"-strelende woordjies getoonset op 'n swaarmoedige Duitse wysie, aanhoor.. Dat in die are van die groot meerderheid van hierdie 'onderdane' slegs Republikeinse bloed vloei word eenvoudig verontagsaam, of as 'n gebrek in hulle karakter beskou. Die 'Tory'-Afgod het gepraat, en van ons word verwag, om prys te gee aan hierdie oormoedige vermetelheid, nie alleen al ons beginsels nie, maar selfs ook elkeen van ons Europese tradiesies.

Ek sou graag so'n bietjie politieke filosofie wil aanteken, op die gevaar af, dat ek my skuldig maak aan rassehaat, (die ewigdurende stokperdjie van die jingo) en probeer die gereëlde orde van sake te steur. Vir byna 50 jaar lank het die jingo in Suidafrika koorsagtig gewerk vir die skepping van 'n stand van sake, wat gunstig sal aanpas by sy politieke en finansiële aspirasies. Hy het nooit vir 'n oomblik geaarsel om daarvoor op 'n skandelike wyse die 'Union Jack' en die kruppelrympie wat *'God Save the King'* genoem word, te verkrag nie; m.a.w. hy het 'n rojalis geword teneinde sy eie belange te bevorder. Hy het 'n pers in Suidafrika in die lewe geroep om sy oogmerke mee uit te voer, en onder die dekmantel van luidrugtige lojaliteit het hy sy sak beskerm, werd verwoestende oorloë onderneem, gevul. Ten einde sy oneerlik verkrege winste te

en sy toegewydheid aan iets verwyderds moes *tot die peil van Godsdiens* verhef word. Hierdie huigelstreek het bo verwagting beantwoord. Waar daar geen Koninklike tradiesie van enige krag was nie, het hy dit op kunsmatige wyse aangekweek, en met behulp van geld en slaafse perspropaganda daarvoor aan die lewe gehou. Deurdat hy geen eerlikheid, geen historiese sin, geen wetenskaplik-biologiese kennis, besit het nie, was dit vir hom heeltemal onmoontlik om te begryp, dat 'n mens 'n volk in die meeste opsigte jou geestelike meerdere, nie kan dwing op 'n pad wat vir sy tradiesies walglik en vir sy beste ontwikkeling vyandig is nie. Ek bedoel hier die Hollanders, die Hugenote, die Duitse immigrante, die Setlaars van 1820 en die meeste inkomelinge van die laaste jare.

Ek argumenteer hier nie oor 'n wetspunt nie. Selfs konstitusionele uitsprake laat my yskoud. Slegs die algemene karakter en stand van 'n volk, kan vasstel watter regeringsvorm vir hom die beste is. Dat so'n volk 'n soort konstitusie onder verpligting aanvaar het, is die skoonste argument om dit te verwerp, wanneer omstandighede verander. Selfs 'n slegte konstitusie hou 'n voorwaarde van verandering in, anders moet ons gereeds wees vir rewolusie gepaard met geweld, of baie geleidelik. Die grootste juriste het vasgestel dat ooreenkomste nietig verklaar moet word, wanneer die omstandighede verander. Die *breuk* kan inderdaad weer geëer word, as die *onderhouding* daarvan. .Wanneer die jingo's eers het, wat hulle wil hê, verafsku hulle verandering en het hulle 'n doodse vrees om die geskiedrolle na te sien. Dit is in elk geval 'n bewys dat die gewete nog nie heeltemal dood is nie. Hulle is bang vir die mense wat hulle verongelyk het. As jy waag om 'n morele punt aan te roer, of ondersoek instel na die onregvêrdige wyse, waarop Suidafrika sy koning gekry het, is jy 'n rassehater. As hierdie onsin van hulle waar sou wees, dan verlies alle geskiedenis en sedelesse hulle betekenis. Ons is egter nie bang nie. Die filosoof Locke, skrywer van die boek 'Civil Government,' sê: „Almal stem saam dat 'n aanvaller, wat indring op die regte van 'n ander, deur 'n onregvêrdige oorlog, geen aanspraak op die verowerdes het nie. Het land- en seerowers die

minste aanspraak op mense wat hulle deur oormag kan oormeester, of kan mense gebonde wees aan 'n belofte wat deur 'n onregvêrdige mag van hulle afgedwing was? Onreg en misdaad bly dieselfde, of dit deur 'n koning, of deur 'n gewone skurk gepleeg word. Groot rowers word beloon met louerkranse omdat hulle te groot is vir die swak arms van die wet, van die wêreld. As daar dan geen herstel kom nie dan moet die mensheid, soos Jefta, hulle beroep op 'n Hoër Hand en hulle beroep voortdurend herhaal totdat hulle die heilige reg van hulle voorgeslagte terug ontvang het. As dit dan eindelose wrywing veroorsaak, vra ek: waarom nie? Dit is tog 'n heilige regvêrdigheid wat dit vereis. Dit alles bewys dat 'n veroweraar nie die minste reg het op die gehoorsaamheid van die verowerdes nie!" Locke sê duidelik, dat aangesien 'n veroweraar geen reg van aanspraak het op 'n deur hom verowerde land nie, die inwoners of hulle verre nageslagte, wat hierdie juk erf, die volste reg het om dit af te werp, en hulleself te bevry van hierdie regsverkragting wat die swaard op hulle gebring het. Hulle moet volkome vrygelaat word in die keuse van hul eie konstitusie. Ons filosoof soos baie groot staatsmanne haal uit die Ou Testament aan om sy stelling te verskans: „God hielp Hiskia om het juk van Assyrië af te werpen, waarom hij in opstand kwam tegen de koning van Assyrië en hem niet diende," waaruit ten duidelikste kan afgelei word, dat om die mag van 'n moondheid van jou af te werp, hoewel dit Rebellie genoem word, geen misdaad teen God is nie, maar inteendeel iets is wat Hy toelaat. Dit kan vir die jingo's van belang wees om te weet dat Locke 'n koningsgesinde was, maar altyd het hy regvêrdigheid bokant konings geplaas. As plaasruimte dit toegelaat het, kon ek ter ondersteuning van my stelling, talryke Britse digters, staatsmanne en regsgeleerdes aangehaal het. 'n Monargie is by uitstek die regeringsvorm vir onkundige mense. 'n Geslepe diplomatiese klein minderheid mislei die massas deur fantastiese grootspraak en onheilspellende simbole wat een of ander oorgeërfde indiwidu toebehoort, van wie die geestes-vermoë en selfs swak liggaamlike gestel, nie 'n ondersoek van 'n publieke regbank sal kan deurstaan nie.

Milton, die beroemde Republikeinse en Puriteinse digter skryf die volgende oor monargale klatergoud-versiersels, wat net goed is vir slawe: „Uit beide gewyde en ongewyde geskiedenis, leer ons dat die konings van hierdie wêreld, altyd die kerk van God gehaat en instinktmatig gevrees het. Het ons vrye manne dan plek gemaak vir 'n redelose en hulpelose kudde—, gebore tot diensbaarheid en gehipnotiseer deur die kinderagtige liste van 'n arme koning? Oorgeërfde regering is teenstrydig met die natuur, want niemand het die reg om koning te wees nie, behalwe wanneer hy al die ander in wysheid en moed oortref. Die natuur stel vas, dat wyse manne die gekke sal regeer—nie die omgekeerde nie. Die mense moet gek wees om hulle hoop te vestig op; en hulle geluk te verwag van, 'n enkele persoon, wat as hy mog goed wees nie beter is as 'n ander mens en as hy sleg is, baie kwaad kan stig. *Die dagwerk van 'n koning is om van die more tot die aand op en af te paradeer voor die neiginge en kruiperye van 'n slaafse volk!* As 'n volk eenmaal vry gewees het, hoe sot tog om weer die juk op hulle nek te laat plaas!" Het die jingo's al ooit gehoor van *'Die Verlore Paradys?'* Wel, die man wat daardie boek geskrywe het was 'n Republikein. Nog meer, die grootste Engelse regsgeleerde van die 18de eeu, Jeremy Bentham naamlik, was 'n Republikein en sy tydstipverwekkende *'The Constitutional Code'* beoog uitsluitlik 'n Republiek. Die belange van konings was nie ooreenstemmend met die van hulle onderdane nie, en die ontsaglike uitgawe van 'n koningshuis was verkwiste geld. Vandaar Bentham se daadwerklike simpatie met die Franse Republiek en Amerikaanse onafhanklikheid. Sy hoofwerk, het hy gesê, was bedoel vir die verbetering van hierdie bose wêreld, en dit wou hy doen deur die aarde te oordek met Republieke. Sy wens is grotendeels vervul, daar 'n koninklike regering met al sy geestes-swakheid en klatergoud-vertonings die aanblik van die mensheid nie meer kan steur nie. Dit is alleenlik bedoel om die verstandsoog van ongeletterde Filistyne te verduister en stof te gooi in die oë van eerlike mense. Hoe is dit moontlik vir ons jong Afrikaners om so betower te word deur 'n belaglike bedrog of bygeloof? As 'n monargie 'n waar-

like oortuiging was en nie maar net 'n politieke opvatting nie, waarom het Engeland aan die end van die Groot Oorlog gehelp om 'n Republiek af te dwing op Duitsland, Oostenryk, Tsjeggo-Slowakye, Rusland, Hongarye ens.? Dit was hulle politiek om waar die tradiesie Imperiaal of Koninklik was, die volkere te verswak. Deur burgeroorloë sou hulle vroeër vyande hulleself vernietig. Tot 'n sekere mate het dit geluk. Die verdeel-en-heers-politiek, van die Romeine geleen, is steeds toegepas. In Suidafrika is 'n gelyksoortige dog teenoorgestelde politiek gevolg. Die onnosel idee van 'n monargie, 6000 myl ver afkomstig, is kunsmatig die kele van 'n demokratiese volk afgedruk. Dit was gelyk aan, 'n man 'n kunsbeen, oog of lugpyp te gee en hom dan te probeer oortuig, dat dit beter is as die egte. Enigermate het dwang gepaard met onophoudelike propaganda teweeggebring, dat 'n deel van die volk maar berus het. Dit was praktiese politiek om tevrede te wees, as jy nie jou keel wou afgesny hê nie. Hierdie dwinglandy is nie in Suidafrika gebore nie, maar word van oorsee bestuur. Die politieke dwergies, kaartmannetjies en toonbankhelde van Durban, Kaapstad of Johannesburg, kan nooit hierdie groot sub-kontinent as 'n koninklike gebied, behou nie. Dit is die geslepe politieke saamknoopsel in Londen wat die masjienerie van die Britse Keiserryk bestuur, wat Indië 'n soldaatland maak, wat oorlogskepe na Egipte stuur, wat die Ierse Vrystaat vrees aanja en wat oor die algemeen sake in belang van Imperiale Eenheid bestuur.

Dit is alleen 'n afgeskeie en vrye nasionaliteit en nie 'n onderhorige nie, wat kan bydra tot die welvaart van die mensheid. Dis oorbodig vir my om weer te sê dat Kanada, Austalië, en Suidafrika, verstrik soos hulle is, in hulle groei, onder teenswoordige omstandighede nooit sal kan ontwikkel tot die afmetinge van Amerika nie. Dit is 'n diep verantwoordelikheidsgevoel wat 'n nasie sy groei en trots besorg. Parasietiese mense bly staan waar hulle is, tevrede om middelmatige mensies te wees. Talryke geskiedkundiges het nasionaliteit al omskryf. Kan ons in Suidafrika die voorwaardes wat 'n nasie uitmaak opeis? Laat ons onsself afvra: Het ons enige gemeenskaplike simpatieë, wat ons begerig maak om saam te

werk? Wil ons deur onsself en nie deur 'n ander nasie regeer word nie? Het ons aardrykskundige grense wat help om 'n nasie te vorm? Besit ons gemeenskaplike politieke voorgeskiedenis, of het ons enige nasionale geskiedenis of 'n saamstelling van herinneringe? Bestaan daar gesamentlike trots, gemeenskaplike vernederinge, vreugdes en droefhede in verband met gebeurtenisse in die verlede? Is ons so verskillend in Godsdienstige opvattinge? Sal 'n eensoortige stand, dan nie die so seer gewenste harmonie van gevoel voortbring nie?

Met betrekking tot die taalkwessie: Daar is sterk vaderlandsliewende nasies, waar twee selfs drie tale naas mekaar bestaan. Ek sê, Suidafrikaners van beide rasse het 'n ontsaglike hoeveelheid gemeenskaplike belange. Laat die opgroeiende geslagte self geskiedenis lees, (want skole en kolleges voorsien nie die waarheid nie)—lees die geskiedenis van hierdie land tussen 1820 en 1880. Die republikeinse tradiesie van die Afrikaner staan soos 'n paal bo die water. En wat van die Engelse- Dit kan nouliks van hierdie mense gesê word dat hulle 'n koninklike tradiesie besit. Die Pelgrim Vaders het na Amerika gegaan om vry te kom van koninklike en godsdienstige vervolging. Dit was 'n vrywillige verbanning om vryheid van gewete te behou. Aan die anderkant is die setlaars van 1820 feitlik uit Engeland gedeporteer. Laat die jong geslag tog goed verstaan dat hierdie stukkie kolonisasiewerk nie bedoel was om enige koning se gebied te versterk nie, maar dit was om Engeland te bevry van 'n deur armoede verslae bevolking. 'n Groot leër werklose, as gevolg van die Napoleontiese oorloë het gevaarlik begin word. Die verbreking van masjienerie en brandstigting op plaasprodukte was van die orde van die dag. Na die slagting by Manchester, het die Engelse Goewerment drastiese maatreëls geneem om 'n end te maak aan sediesie. Dit was 'n treurige redmiddel.

So het daar 'n gedagte op die voorgrond gekom, om 'n gevaarlike en behoeftige bevolking te deporteer.. Vir hierdie doel moes daar £50,000 gestem word. Die soort skobbejakke wat die Engelse kuste verlaat het word deur Pringle tekenend beskrywe, en later in volle historiese lengte deur

Theal en Professor Cory. *Dit was voorwaar 'n kordaatstuk en die 'Tory'-jingo's van Engeland was seker dooddankbaar dat wet en orde herstel was.* Lord Charles Somerset het hierdie idee verwelkom, want hierdie arme setlaars kon nou geplaas word as 'n stootblok teen die moordende hordes van kaffers. Hy sou nou instaat wees om sy ‚respektabele' militêre afdelings terug te trek. Hy beskryf hierdie rampsalige immigrante as '*lui*' en as 'n klomp mense wat enige outoriteit haatlik maak, en wat ontevredenheid saai sover hulle nadelige invloed uitstrek. Die hele Oostelike Provinsie was 'n voorbeeld van Britse vooroordeel en haat teen die Afrikaner en Engelse Koloniste en 'n ophemeling en verafgoding van swart rowers en moordenaars. Die gedrag van sendelinge soos Philip en Read is die walglikste hoofstuk in die geskiedenis van die Kaap-Kolonie. Soos Cory sê, het Philip die Koloniale kantoor met absolute onwaarhede bestuur, en dit gaan moeilik om hom en sy bondgenote vry te spreek as onskuldig aan al die oorloë, rassehaat en politieke moeilikheid, wat die Koloniale geskiedenis besoedel het. Hy het geen eerlik- of waarheidssin besit nie. Sy '*Researches*' is so vol leuenagtigheid, dat dit al die Koloniste met walging vervul het.

Selfs regters het sy verklaringe kwaadwillig en lasterlik genoem en te kenne gegee dat hy nie geaarsel het om dokumente te vervals nie. Dit was Philip en Read se ophitsery van die barbare, aan wie hulle ammuniesie verskaf het *en in wie se koppe hulle die idees van onregvêrdigheid van die blankes, ingeprent het, wat die hele Oostelike Provinsie in 'n huilende woesteny herskape het.*

Ons sal maar nie gewag maak van die skynheilige en wraaksugtige wyse waarop die slawe van die Kaapkolonie vrygeset is nie. Ook sal ons nie wys op die oneerlikheid van optree en hardvogtigheid in verband daarmee nie. Ons wil verder nie lang omhalend iets sê oor die kranksinnige vreugde van die Filantropiese Afskaffers teenoor die lyding van mense, wat plotseling van voorspoed tot armoede gebring is nie.

Al die destydse Goewerneurs was handdadig aan die invoer van slawe in die Kaapkolonie. Die vrystelling van die slawe was nie soseer menslievend nie, as wat dit bedoel was om beide Engelse

en Hollandse Koloniste te ruineer nie en hulle lewe ondraaglik te maak, en veral ook om rondlopery en diefstal onder die dekmantel van vryheid in die hand te werk.

Die Engelse Setlaar het deur hierdie wandaad oombliklik vervreemd geraak aan sy maagskap. Wat 'n jammerstaat van ellende sal ons vind as ons begin ondersoek na die aantal Engelse en Afrikaners, wat deur Kaffers vermoor is, na die verwoesting van wonings en algemene verlies van eiendomme? Die ergste van alles vir hierdie arme setlaars was die vreugde van die vir hulle vervreemde landgenote oor hulle ellende. 'n Engelse Koloniale Sekretaris het die Boere beskuldig en die Engelse setlaars betig van elke moontlik dinkbare wandaad teen die „onskuldige barbare!" Dit is opbeurend om die goeie getuienis oor die karakter van die boere, van manne soos Somerset, Smith d'Urban te lees. Andersyds was die skandelike depeche van 1836 van Graaf Glenelg die toppunt van Britse koloniale venyn en misdaad teenoor die gewortelde setlaars. In hierdie dokument word die kaffer geregvêrdig in die voortsetting van sy moorddadige loopbaan. Die witman mog geen beskerming kry nie. Selfs die Londense 'Times' kon hierdie geestes-swakheid van Glenelg nie klein kry nie. Hierdie klad het die Boere hoog aangeprys vir hulle deursigsvermoë, ywer, karakter en taaie geduld. Die kaffer-misdadigers word beskerm, terwyl vergoeding aan die beroofde setlaar geweier word. *Was dit nou moontlik dat 'n koninklike tradiesie by die setlaars kon wortel skiet?* Hulle het smeekskrifte gerig aan Koningin Victoria, sowel as aan die Imperiale Goewerment,—dog alles tevergeefs. Nog twee kafferoorloë—nog 20 jare van rampspoed, nog die vernietiging van duisende lewes voordat die Provinsie maar selfs gedeeltelik tot herstel kon kom.

Toe die ou aartsvader Uys met sy 100-tal famielielede uitgetrek het werd hom deur die Engelse ingesetenes van Grahamstad 'n waardevolle Bybel aangebied. Dit was 'n bewys van waardering en diepgevoelde spyt omdat hy vertrek het. Laat die Engelse skoolseuns die hartlike opskrif voorin lees. Dit sal hulle harte aanwarm en vir hulle bewys lewer van wat die verhouding tussen

Engelse en Afrikaners gedurende daardie vreeslike tydperk van gemeenskaplike ellende was. „Hoewel deur afstand geskei sou hulle tog in die gees verenig wees" het vader Uys gesê. Sal ons nog hierdie onderwerp verder opvolg? Die tradiesie van Engelse en Hollandse Koloniste was een van voortdurende oorlogvoer, en selfverdediging teen barbare, wat byna altyd aangehits en aangemoedig werd deur misleide kaffervriende. Was hierdie setlaars instaat gestel om hulle eie politiek, sonder die inmenging van vreemde regeringe, uit te voer, sou daar 50 jare van rampspoed vermy gewees het.

Selfs veel later toe aan die Kaap *„Verantwoordelike Goewerment"* toegestaan is, is in die verleende konstitusie, die stemreg deur die Hertog van New Castle op naakte Fingo's, dronk Hottentots, negers en vrygestelde slawe, afgedwing. Hierdie kwaadaardige erfporsie vergiftig vandag nog ons politieke lewe. Immigrante—selfs die wat van staatsweë tot 1862 ondersteun is, kon geen bestaan in die Kaapkolonie maak nie. Die meeste het weggetrek na Nu-Seeland en Amerika, waar hulle talente onderken en waardeer kan word.

Die daaropvolgende geskiedenis van die Kaap was een lang reeks Kafferoorloë (nege; sonder die ander by te tel), vernederinge, anneksasies, veroweringe, slagtinge, en kleiner rampe. Tot en met 1879 lees ons van baie weinig anders. Die Koloniste werd verbrysel tussen die twee meulstene. Die Imperiale outoriteite het uitsluitlik aan hulle eie belange gedink en die regte van enige soort witman met veragting en wantroue behandel. *Sê my, kan 'n monargie in so'n atmosfeer gebloei het?* Dit was eers na 1880 dat politieke kuiperye en gewetenlose propaganda eers die rasse begin verdeel het. Nuusblaaie het 'n mandaat verkry om Britse inbeeldinge op te hemel en om die Afrikaner te verlaag.

Die nageslag van die setlaars van 1820, moes deur 'n kronies-sieklike suggestie en slim aanpordery, gespeen word van hulle toegewydheid aan Suidafrika en sy besondere tradiesie. Die twee Vryheidsoorloë deur die Afrikaner gevoer werd eenvoudig verdraai tot 'n fabelagtige pan-Afrikaanse sameswering, wat bedoel was om die arme

Brit die see in te jaag. Die hele Britse keiserryk, tot selfs die swartes, werd te wapen geroep. om 'n vreeswekkende vloedstroom, wat nie bestaan het nie, te keer.

Dit was die 'Tory'-jingo gees wat geseëvier het,—dieselfde ou gees wat nog altyd sy uiterste doen om die rasse in Suidafrika te verdeel. Die setlaar wat alle rede gehad het om sy verhouding met Groot-Brittanje te vloek, word nou betower deur 'n vlagswaai-manie en die uitskree van 'n deuntjie, wat die skoonheidssin van die gehoor verwond. Het die setlaar persoonlike besit van goudmyne gekry, of het alle profyte na oorsese spekulateurs gegaan? 'n Mens moet altyd 'n nasie se motiewe vir oorlogvoer beoordeel na wat hy daarna vir homself toeëien. Was die setlaars die ware voordeelhebbendes of was hulle niks meer nie as die instrumente, om die belange van vreemdelinge te bevorder? Die geskiedenis sal hierdie vrae bevestigend beantwoord.

Julle herhaal met papegaaiagtige aandrang dat Engeland ons 'beskerm.' Daar is niks meer misleidend nie. Engeland gebruik ons om homself te beskerm. Hy het al die regte en voorregte van die groot meerderheid van hierdie land se inwoners vergruis. Die minderheid het uit pure onkunde met Engeland teen ons saamgesweer. Hulle is mislei geword deur, „die luidrugtige jingoisme van die musiek-sale."

Nee! ons sal nooit 'n groot volk word nie tensy ons geheel-en-al vry is van Europa se bedorwenheid en politieke kuiperye. Ons sal nooit 'n groot bevolking aanlok nie totdat die immigrante weet, dat hulle heeltemal vry is om oor hulle eie bestemming te besluit. Amerika is groot omdat hy *vry* is. Ons bly klein *omdat waarskynlike nedersetters bevrees is dat hulle in die selfsugtige en onnosel oorloë van Engeland ingewikkel sal raak.*

——ooOoo——

# IV

# OORLOG EN NEUTRALITEIT.

'n Ou skrywer het eenmaal gesê, dat wanneer nasies jonk is, hulle in staat is om oorlog te voer, wanneer ouer, in staat om kuns en letterkunde te bevorder, wanneer nog ouer, uitsluitlik met handel gemoeid. Dan is hulle op die rand van verval. Daardie ou skrywer het die mag van kapitalisme voorwaar nie geken nie. Hy het nie geweet, dat ryk skurke soldate kon koop om vir hulle te veg nie. Hy was hom nie bewus nie, dat 'n tandelose ou nasie, jonger nasies dienspligtig kon maak om sy bloeddorstige oorloë vir hom te voer nie. Hierdie nasies kon nie vooruitsien nie, dat bedrog, diplomatiek en listigheid, die plek kon inneem van moed, eerlikheid en waaragtige vaderlandsliefde. Waar ou nasies met mekaar baklei, wen die een wat die meeste geld het, gewoonlik. In die Suidafrikaanse oorlog, het Engeland slegs oorwen met die hulp van die Kanadese, Australiërs en Suidafrikaners, wat sy tot 'n eerlose veldtog verlei het. In die laaste wêreldoorlog was dit weer die jeug van haar Kolonies, saam met die van Amerika, wat haar instaat gestel het om al die buit wat sy gekry het, te bekom. Dit is vir hierdie rede dat sy met skrik bevang word, wanneer van onafhanklikheid gepraat word deur die Kolonies. Vandaar die onbeskaamde ideaal van *'n Imperiale Militêtêre eenheid*. Oorlog is die groot vernietiger van nasies en laat ons jong manne hulle aandag aan hierdie feit wy.

Nasies het ondergegaan, hoofsaaklik weëns die nuttelose opofferinge wat oorlog opeis. Die gesonde lewenslustige jong manne word afgemaai, terwyl die oues en ontaardes die voorreg het om die volksras aan die lewe te hou. Napoleon het die jeug van Frankryk oor die slagvelde van Europa heen rondgestrooi. Uit 650,000 van hulle wat na Moskou opgeruk het, het daar soveel as 20,000 ellendige uitgehongerde spooksels te-

ruggekeer. Die oorloë van vandag maak die vervallende nasies van more. Eeue gelede het die groot Spaanse keiserryk weëns oorloë, sy graf gevind. Ja! Myne produseer goud en woude hout, maar net Spanje gee Spanjaarde. Sy het soveel gegee, dat sy eensaam gelaat, en gedwing was om die kinders van vreemdes te gebruik vir haar bose doeleindes. Groot nasies het manne aan die wêreld gegee, maar het hulle ook weer verwoes. Dit is die ware geskiedenis van die beskawing. Engeland se liefde vir rykdom, het haar maatskaplike, politieke en industriële sisteem vergiftig. Sy kan nou nie meer manne uit haar agterbuurtes voortbreng nie. Waar koninkryke bestaan, moet oorloë in swang wees, en is die gevolg agterbuurtes.

Die Demokratiese gees, is 'n gees van vrede. Amerika is 'n voorbeeld daarvan. 'n Demokrasie veg alleen selfverdedigend en ten behoewe van verminkte vryheid. Wil jy redmiddels vir die griewe van mense soek, soek hulle dan in *vrede, gelykheid* van *lewenskanse* en in die opkweking van ware *Kristelike deugde.* Oorlogsroem bevorder die teenoorgestelde hiervan. Dit word in hullle eie belang deur arglistige mense gevoer en die massa's moet die gelag betaal. Laat ons jong manne besef, dat „vrede en liefde jeëns alle mense" die waarste staatsekonomie is. Die strydkrete wat politieke skurke aanhef, is vals en voorbedoel om te mislei. Ons sal slegs dan eers beskaaf wees, wanneer ons jong manne genoeg opleiding ontvang het om bedrog aan die kaak te stel. Die grote Carlyle vertel ons, wanneer hy sy wraakflesse op oorlog uitgiet, hoe die dwase van verskillende nasies teenoor mekaar opgestel word, om mekaar dan vankant te maak. Deur letterkunde en handel kan hulle mekaar behulpsaam gewees het. Dit is die toestand in Duitsland, Italië, Frankryk en alle lande. „*Watter satansstreke koninge ook al mag uithaal, die prooie daarvan moet altyd die volk wees!*" Laat liegende nuusblaaie maar skryf oor glorie, heldedade, medaljies, tietels en jaarfeeste. Dit word maar net bedoel om die onregvêrdigheid en afskuwelikheid van oorlog te bedek. Oorlogsmonumente bring nie die ongelukkige dooies in herinnering nie, maar staan daar om rassehaat aan

die lewe te hou, en om die opgroeiende geslagte te mislei. Die jongmanne word gemeet in terme van kanonvleis; vandaar dat die regte opvoeding vir hulle verwaarloos word. Die oorlogs-sjaggeraars en rykaards hou daarvan om, vir klaarblyklike redene 'n leër van werklose op gang te hou. Skoolopvoeding bestaan uit gewone sport en die vervalsing van die volksgeskiedenis. Hierdie laaste sal noodwendig rasgevoelens wakker hou, en hom bemoei met alle pogínge wat sal lei tot rassevriendskap.

Van oorlog gepraat, waarom moet ons gedwing word om ons hande te besoedel met die „bloedige sake van Europa?" Dit skok ons morele sin in sy verhouding tot ons opvatting van vryheid, om na mense te skiet met wie ons nog nooit twiste gehad het nie—van wie ons miskien inteendeel vriendskapsbetoninge geniet het. Om gebonde te wees aan die tradiesies van 'n krakelende ou Europa, sal ons net verwikkel in eindelose oorloë en geskille. Ons verkies om intellektuele en artistiese samewerking deur middel van vrede te verkry. Ook ons het ambiesies om Suidafrika nie net 'n gesondheidsoord nie, maar ook 'n woonstede en rusoord, van vervolgde nasies te maak. Ons hoor van beskerming, en o, so gemaklik word ons mislei met die paaiboelie dat Engeland ons 'beskerm' het. Sy het inteendeel in Afrika, op die nasies van Kaapstad tot Kairo oorlog gemaak. Veral die Afrikaner het die roede van haar 'beskermings'-liefde en van haar metodes van Barbarisme gevoel. Dis heeltemal moontlik dat sy haar handel en geroofde besittinge uit pure eiebelang sal beskerm, maar uit liefde vir die inwoners, doen sy dit voorwaar nie. As dit die geval sou gewees het, waarom het sy dan nie die Setlaars van 1820 of die Voortrekkers beskerm nie. Die waarheid van die saak is: Ons het geen beskerming nodig nie. Ons wil geen trans-Atlantiese voogdyskap, nederbuigende liefde of enige soort bemoeiing van elders gedoë nie! Aan elke nasie moet die reg gegee word om sy eie bestemde lewenspad, ooreenkomstig sy erfenis en tradiesies, op te volg. In ons gemeenskaplike verhouding tot ander nasies van die wêreld, moet dit aan *ons* oorgelaat word om vir ons die beste te kies en die slegte te verwerp. Ek

gaan verder en sê, dat geloofsbelydenisse en leerstellinge, wat veral gebruik word as dekmantels vir politieke vyandskap, en wat daarom hierheen oorgekarwei word, sonder enige verwantskap aan ons tradiesies, nog minder van enige wortelskietende krag, nie moet toegelaat word om enige regeringsvorm voor te skrywe nie. 150 jare gelede het Amerika presies dieselfde pestilensie gehad. Aan hierdie mense het hulle die reg gegee om hulle God te dien in ooreenstemming met hulle gewete, maar hulle het hulle enige seggenskap in hulle land se regering belet. Hulle werd gewaarsku, dat die opmakery van een ras teenoor 'n ander hulle aan die wet skuldig sou maak. Soos enige *opgevoede* skoolseun weet, is die meeste van hierdie professionele kwaadstekers oor die grense geban. Dit is 'n regvêrdige straf vir 'n klas mense wat godsdiens eenvoudig as dekmantel gebruik, om gevaarlike politieke oogmerke te bereik.

Herhaaldelik is in Suidafrika deur die jingoes beweer, dat as Engeland in oorlog verkeer, ons dan almal in die oorlog betrokke is. Ons is almal Britse onderdane vandaar ons dienspligtigheid. Met die Imperiale konferensie en daarna is gekonstateer, dat die Britse keiserryk 'n *eienaardige saamstellende Eenheid* uitmaak. Enige essensiële geskilpunt sal oombliklik die beginsel van *Gemeenskaplike Handeling*, be-invloed. Maar in al die besprekinge in die konferensies te Geneva, was dit klaarblyklik, dat met 'Empire,' bedoel werd, Engeland en haar kroonkolonies. Die domieniums werd beskou as onafhanklike state. Ierland, ons inspirerende voorbeeld, het op lewe en dood geveg teen die idee van diplomatiese, ekonomiese, of militêre eenheid. As hierdie laaste klugspel in swang sou bly, kan enige aanspraak op vryheid maar afgeskaf word. Die groot vraag bly staan: Erken die Europese nasies en Amerika ons onafhanklikheid? Word ons paspoorte as sodanig oorsee erken? Die Iere het bewys gelewer dat Engelse diplomate in Europa en Amerika inderdaad ons aanspraak op onafhanklikheid verkleineer, en ons idee van paspoorte hartlik bespot. Dat Engeland kan staatmaak op 6 stemme by groot konferensies, ('n politieke eenheid) en dan nog wil voorgee, dat ons internasionale onaf-

hanklikheid besit, wek die vrees, of vermaaksin van ander nasies op. Die vrees van Japan is byvoorbeeld tot bedaring gebring toe aan haar verseker werd, dat die domieniums nie aan enige politiek van Engeland gebonde was nie. Daarom vra ons, besit ons vryheid in naam, of inderdaad? Ierland se Minister van Verdediging, (Mulcahy) het gesê, dat in die vreemde ons voortdurend daaraan herinner word, dat Engeland se oorloë ook ons oorloë is. Selfs in Amerika was die kolonies beskou as behorende aan Engeland, soos die geval is met die Verenigde State en sy verhouding tot Amerika. „Hierdie stomonnosele verkeerde opvatting moet onmiddellik uit die weg geruim word. Ek praat slegs in naam van Ierland. Laat die afgevaardigde van Engeland dan asseblief slegs in naam van Engeland praat!" Hierdie denkbeeld, dat ons saam met Engeland, outomaties in 'n staat van oorlog verkeer is eenvoudig dwaas en ongerymd," het die verteenwoordiger van Ierland gesê, en vortgegaan: „Nog Kanada, nog Australië of ook Suidafrika, sal ooit sulke onsin aanvaar. Die Minister van Buitelandse Sake het gesê, dat Ierland 'n internasionale staat is, en daarom moet al sy aangeleenthede op 'n grondslag van gelykheid behandel word. Ons mag nou wel 'n klein nasietjie wees, maar ons sal al ons beste kragte inspan om ons invloed op wêreldsake te laat geld. *Ons* uitvoerende magte is *alleen* verantwoordelik vir die al of nie aangaan van verdrae en oorloë. Ons verwerp die idee van saamhorígheïd van die keiserryk van ons!" Tereg beweer die Iere dat ons ses verskillende nasies met verskillende ekonomiese belange is. Hoe kan 'n koning nou ses veruiteenlopende opienies met mekaar versoen? Dan moet hy voorwaar 'n soort super-mens wees en hy is inteendeel maar 'n besonder gebrekkige wese. Ons jong Afrikaners moet stilstaan en dink oor sake in hulle land. Elke man wat in die oorlog sneuwel, is 'n onherroeplike verlies vir sy volk. Sy plek kan nooit weer opgevul word nie. Sy ongebore afstammelinge strek nou uit soos 'n spokereeks in die rigting van die Oordeelsdag. Ons kan hulle maar net in ons verbeelding sien. As hulle hulle lewens deur dwang of uit bereidwilligheid opgeoffer het—dan dank ons God vir

hulle.— As hulle, hulle lewens ingeskiet het ter bevordering van vrekkige handelsbelange, as hulle belieg was oor die oorsake van die oorlog, as hulle ekonomies uitgeloot was, dan kan ons net die handelsbooswigte wat hulle 'n nuttelose slagting besorg en 'n roemlose graf ingeslinger het, *vervloek!*

# V

## DAARDIE "VRYHEID" VAN ONS

Instede van definiesies van vryheid, wat dikwels uiters moeilik val, te gee, laat ons liewer vergelykinge tref. 'n Volk voel 'n kragdadiger liefde vir vryheid, wanneer hy in noue aanraking met 'n minderwaardiger ras of slawe-bevolking verkeer. Die allerhumanistiese geskiedskrywers uit die verlede, het dit bewys. Al die oud-Republieke sorteer onder hierdie kategorie. In die Suid-Amerikaanse Kolonies waar deur die Britte duisende neger slawe verkoop werd, het hierdie byna geweldige vryheidsliefde 'n in die ooglopende eienskap van hulle politieke lewe geword. Natuurlik wil ons nie 'n lansie breek tengunste van die slawehandel nie. Ons staaf net 'n harde en koppige feit. In Australië en in ander dele van die wêreld, is die swart rasse eenvoudig uitgeroei, omdat geen staatsmansbeleid wit- en swartrasse deurmekaar, op een maatskaplike peil kan *handhaaf nie. In Suidafrika het die Afrikaners bloedweinig ter bevordering van die slawehandel bygedra. Maar meer as een ander het hulle besef, dat hulle met 'n besonder minderwaardige ras te doen gehad het.*

Hoewel hulle op geen pedagogiese studie van rassekunde kan aanspraak maak nie, tog het hulle instinkmatig geweet, dat geen geleerdheid van watter gehalte ook al, ooit 'n witman van 'n kaffer sou kon maak nie. Hulle het die noodlottige dweepsug van die sendelinge, koloniale goewerneurs en geesdrywers van oor die see, in sy ergste vorm ondervind. Die Voortrekkers het nie weggetrek weëns die vrysetting van die slawe nie, maar en veral, om pad te gee vir 'n verfoeilike Britse politiek, wat hulle politieke en ekonomiese ontwikkeling belemmer het, en wat doelbewus 'n swart barbarisme teen 'n blanke beskawing verdedig het. Maar genoeg is hieroor uitgewei! As ons 'n soewereine onafhanklike status besit, dan moet ons so vry as Engeland self wees. Wat meer is, ons moet so vry wees, as De-

nemarke, Switserland, Holland, Argentienië of Peru. Elkeen van hierdie volkere het sy eie vlag, sy eie president of koning, sy eie volmag om paspoorte uit te reik, paspoorte wat deur vreemde nasies erken word. Hulle het hulle eie muntstelsels, hulle eie onafhanklike afgesante, hulle eie burgerskappe, almal deur vreemde nasies erken. As ons so vry is as Peru, dan moet ons vlag op see en in enige vreemde hawe, as sodanig gerespekteer word. Laat 'n Suidafrikaner probeer 'n reis onderneem na Nu-York, Wene, Berlyn, Rome, Parys, of Boeda-pest, en uitvind of sy Suidafrikaanse burgerskap maar ook die minste oorweging geniet. Laat my vriende, Generaal Hertzog en mnr. Havenga, 'n slaggie probeer om as *Suidafrikaners* te reis. Tensy hulle, hulleself as *Britse* onderdane verklaar, sal hulle aan die poliesie oorhandig word. Wil jy van Wene na Praag reis, dan is dit die Britse konsul wat jou 'n fooi laat betaal vir sy kruisnaamtekening op jou paspoort. Besluit jy om van Genua na Ka-iro te reis, dan is dit maar weer die Britse konsul wat jou geld inpalm. Bewys hierdie sisteem dat ons *gelyk* staan met Engeland, of beklee ons 'n minderwaardiger posiesie? *Ek wag hier op 'n antwoord!* Nog meer, die Suidafrikaanse paspoort, wat deur die Goewerneur-Generaal as verteenwoordigende die koning uitgereik word, word 'n *Britse Paspoort* genoem, wat aan 'n *Britse onderdaan* uitgereik word. Mag jy miskien per ongeluk, jou waardevolle paspoort verloor, dan kry jy opdrag, om jou by die naaste Britse outoriteit aan te meld. Gee hierdie posiesie ons gelyke status met Denemarke of Peru? Verhef dit ons grootse nasionaliteitsidee, of is dit 'n vernedering vir iemand wat in ware vryheid glo?

*Wat die Goewerneur-Generaal betref;* ons bekritiseer nie sy hoedanighede of persoonlikheid nie, maar dis *ons* te doen om die *beginsel* wat in die vraagstuk opgesluit lê. Genl. Smuts is verantwoordelik vir hierdie praalsugtige skema, van koninklike en Hertogelike persone na Suidafrika uit te nooi. Hy was ongetwyfeld begerig om die ploertige en diensbare instinkte van die volk te koester en te beklemtoon. Die een helfte van die bevolking het gedink, dat dit hulle eie lamlendige prestasie sou verhoog, as hulle een of ander

groot meneer en sy vrou, sou aanbid. Die ander helfte was gladnie oortuig nie; uit nuuskierigheid of ook wel, uit beleefdheid, het hulle waarskynlik hulle nasionale trots en voorvaderlike geloofsbriewe aan hierdie slaafse dogma prysgegee.

Het ons huidige Regering hierdie politieke stelsel verwerp of bevestig? Te oordele na gebeurtenisse van onlangse datum, het hulle nie alleen die idee *omhels* nie, maar het hulle uit hulle pad gegaan om hierdie uitheemse stelsel 'n *huishoudelike instelling* te maak. Het ons dan waarlik nie vooraanstaande manne onder ons *eie volk*, wat kan ageer as Goewerneurs nie? Sal 'n opgevoede Afrikaner dan nie meer van Suidafrika en Engeland afweet as enige Engelsman, wat nog ons geskiedenis ken, nog ons taal magtig is nie? Sal die verwerping van 'n vreemdeling, deur ons later, wanneer omstandighede ons daartoe dwing, om 'n verandering te maak, nie nog pynliker wees nie? *Het die Iere nie wyser gehandel nie?* Toe die Imperiale Regering 'n vooraanstaande 'Lord' Ierland die keel wou afdruk, het die Iere hierdie voorstel met die veragting wat dit werd was, bejeën. Hulle het een van hulle eie manne—Tim Healy—gekies. Hy was 'n man wat vir die regte van die Iere geveg het deur 'n lang en stormagtige loopbaan heen. Hy was tog voorwaar 'n beter raadgewer vir die Ierse Regering, en as enige koninklike verteenwoordiger. Toe sy dienstyd verstreke was, het 'n ander briljante Ier sy plek ingeneem—James MacNeill—'n deskundige op die ekonomiese en politieke aangeleenthede van Ierland. Dit skyn of ons hier in Suidafrika nie geseën is met 'n intelligensie wat ons in staat sal stel, om ons eie goewerneur aan te stel nie, of anders het ons geestelik en moreel so agteruitgegaan van die voorvaderlike stempel en moed, dat ons nie sal durf om sodanige persoon voor te stel nie! Ook wat die *vlagkwessie* betref, het ons, na ons 'n paar maande lank '*n verenigde front aangebied het*, ons swaarde weggegooi en lafhartig van 'n halfoorwonne posiesie af geretireer. Uit vrees vir 'n paar teenstanders wat net in staat is om 'n gruwelike bombardement op te skop het ons, die meerderheid, afgesien van die idee van ons neutrale vlag en het ons 'n kompromie getref..

Ons idee van 'n aparte nasionaliteit het ons self oorboord gegooi, terwyl die 'Tory'-jingoes gebruik gemaak het van ons minderwaardigheids-kompleks, om nog 'n oorwinning te behaal. Net mense van swakke geesteskrag kon beweeg word om mislei te word, tot die verbeelding, dat die Nas. Party nie hier 'n geweldige neerlaag gely het nie. Laat ons Ierland weer as voorbeeld neem. Haar staatsmanne het gesê: „Kyk, in hierdie is 'n saak van *huishoudelike* aard. Ons sal 'n *vlag* hê, met kleure *oranje, wit en groen,* en ons sal die 'Union Jack' eenvoudig nie gedoë nie. Hierdie simbool van ons beëindig 700 jare van wreedaardige wanregering. Dis net met die Dag van Wapenstilstand, in November-maand, wat 'n paar afgedankte soldate nog 'n 'Union Jack' wil paradeer. Instede dat hierdie demonstrasie harmonie bevorder, lei dit net tot gemene straatoplopies, waarin mans, vrouens en kinders beseer word. Die volksvlag van Ierland, is 'n neutrale vlag en bevat niks nie wat herinner aan 'n vervloekte en barbaarse verlede.

*Hoe steek hierdie Ierse beslistheid by ons optrede af?* Nou nog 'n woordjie oor die eed van getrouheid aan 'n oorsese vors. Ons hier in Suidafrika moet trou sweer *aan 'Sy Majesteit,' 'Sy erfgename' en 'opvolgers.'* In Kanada is die mense verstandiger. In die geval van die Kanadese word daar nooit gewag gemaak van *'erfgename'* nie, omdat hulle besef dat koningskappe ouderwetse instellinge is, en buitendien loop 'n mens gevaar om 'n kranksinnige koning of opvolger te erwe, aan wie die eed van getrouheid 'n kolossale flater sou wees. Die Iere sê: „Ons sweer trou aan die konstitusie, van die Ierse Vrystaat en aan George as verteenwoordigende die simbool van ons toetreding tot 'n *groep* van nasies, bekend as 'n *Gemenebes.*" In Ierland het niemand egter enige hoofbrekings oor hierdie eed nie. Soos die leier van die Opposiesie gesê het, is dit 'n laaghartige bedrieëry, wat spoedig afgeskaf sal word en getrouheid daaraan kan nooit permanent wees nie.

As 'n monargie is selfs nie eers Engeland veilig nie. Die getrouheidseed is derhalwe eenvoudig 'n akademiese kwessie. Weer beroep ek my op al die jong Afrikaners en ek vra *hulle* om te

oordeel of ons soewerein onafhanklik is, wanneer ons trou moet sweer aan 'n persoon wat 6000 myl van ons af verwyder is. Sweer die Dene altemit trou aan Duitsland, of ook die Engelse aan Amerika? As dit so sou gewees het, kon daar waarlik geen sprake van gelykheid gewees het nie. Ons raak 'n ander belangrike saak aan, wanneer ons gewag maak van beroepe op die *Koninklike Geheime Raad.* Hierdie vorm van appél is uitsluitlik ingestel om 'n versinsel van geregtelike eenheid in die keiserryk te bewaar. 'n Mens kan verstaan dat Federale lande soos Australië of Kanada, in verband met hulle interstatelike geskilpunte, dit nodig sou ag om 'n Regbank van buite af in te roep. Maar Suidafrika en Ierland, twee op uniale lande kan tog seker nie rusie kry oor konstitusionele vraagstukke nie. Amerika, met sy talryke state soek in elk geval geen van elders aangewaaide hulp nie. In Ierland is die Hooggeregshof ook die hoogste liggaam wat wetlike uitsprake maak. Toe 'n paar jingo-Tory's uit Ierland hulle op die Geheime Raad van Engeland wou beroep, het die Iere eendragtelik daarteen in opstand gekom; hulle het 'n wetsontwerp deur hulle parlement passeer, om te demonstreer dat die Ierse Hooggeregshof vir Ierland heeltemal goed genoeg was, en dat bemoeienis uit die vreemde onnodig was. Artiekel 66 van die Ierse Grondwet kom ooreen met seksie 106 van die Suidafrikaanse Grondwet van 1909. Die uitspraak van die Hooggeregshof is finaal. Al die Ierse leiers was hierdie opienie toegedaan. Hulle wou geen oorlewing van koninklike seggenskap duld nie. Dit was 'n ou uitgediende gewoonte, wat teruggegaan het na die dae toe die Engelse Parlement nog die arme Iere verdruk het. Ierland sê, die koning het hoegenaamd niks te doen met hulle geregtelike stelsel, net so min as wat hy iets met hulle poskantoor of tremweë-stelsel te doen het. Ons vertrou, dat *al* die ander Domieniums die goeie voorbeeld van Ierland sal volg, en hierdie ou stukkie oudheidkunde sal verwerp. Eindelik mag dit beweer word, dat wanneer praktiese besonderhede betreffende die sogenaamde Imperiale konferensie onder bespreking sou kom daar ernstige verskil van opienies kan ontstaan. Feit is dat hierdie besonderhede juis die toetssteen

van ons onafhanklikheid sal wees. Daar was 'n *inter-imperiale-verhoudingskomitee*, wat 'n uiters swakke poging aangewend het om hierdie netelige probleme te bespreek. *En vir klaarblyklike redene is daar—hoegenaamd niks uitgerig nie!*

Ons juiste status met betrekking tot buitelandse aangeleenthede is eenvoudig vaag—of bloublou gelaat. Watter handelende of lydelike verpligtinge rus daar op ons? Sal daar verpligtinge wees, sonder verteenwoordiging? Sal ons gevolmagtigde onafhanklik kan handel, of sal die Engelse leier, soos bv. by die Washingtonse konferensie onbeperkte mag uitoefen, of sal hy die verteenwoordigers van die Domieniums kan dwing om eenparig te handel? Vir hoelank nog, sal die Britse hoofkwartier vir buitelandse-sake die kanaal wees waardeur aangeleenthede betreffende die Domieniums met die buiteland, verhandel sal word? Daar is seker 'n paar kolonies wat in hulle slaafse vertroue enige *verdrag*, of *oorlogsverklaring* of *geheime sameswering* sal aanvaar en dit sal beskou as 'n *eina-groot* eer wat aan hulle bewys word. Neem bv. die konsul-status in sy verhouding tot uitlandse konsulate. Sal hierdie statusse uitsluitlik op advies van die Domieniale-regeringe uitgereik word? Sal dit geëndosseer word deur 'n bevoegde domieniale minister en aan 'n buitelandse konsul met sy aankoms in die Domienium oorhandig word? Wat verdrae met vreemde nasies betref—wat is nou eintlik die posiesie? Dit word veronderstel, dat ons nie daarin betrokke kan word, sonder ons uitgesproke toestemming nie. Net ons eie gevolmagtigde in sy onafhanklike kapasiteit, kan sodanige opienie vir sy regering uitspreek. Sê byvoorbeeld Engeland maak een of ander reëling met Abessienië oor die gewone diplomatiese sfere van invloed,—en ek vra ons jong manne en vroue om tog hierdie veronderstelling goed te oorweeg,— kan ons teen so'n optrede protesteer? Rus daar enige verpligting op ons? Sal Italië bv. dink ons het 'n handjie in die onderhandelinge—of nie? Kan dit ons heeltemal onderskillig wees, daar die Engelse onderhandelaar slegs ten behoewe van die Britse regering optree? Hy betrek slegs die oppervlakte van sy eie jurisdiksie. Veronderstel weer, — en dis

nie baie onwaarskynlik nie—dat daar oorlog verklaar word. Beskou Italië ons dan as deelhebbend of—onsydigstaande? Is ons so vry as Denemarke of Peru, of bestaan daar so'n haakdoringgedagte van militêre eenheid binne die keiserryk? *Sal Generaal Hertzog asseblief hierop antwoord?* Moet alle domieniums hulle toestemming daartoe gelyktydig gee, of verkeer hulle outomaties in 'n staat van oorlog, omdat hulle gedwonge onderdane van die konings van Engeland en hulle Erfgename is? Hoe lyk *diplomatiese eenheid* hier? Kan ons dit onderskei van *militêre eenheid?* Veronderstel Suidafrika weier alle samewerking, iets wat haar gesonde intelligensie sal beklemtoon, sal sy dan in oorlog met Engeland geraak? *Sal genl. Hertzog ons hieroor asb. te woord staan?* Sal ons nie vryer van aanval of oorlogsverwikkelinge wees nie—as ons onsydig alleen staan nie?

Bestaan daar soiets as 'n 'Imperiale Verdedigings-Raad?' Generaal Smuts sal weet! Watter verpligtinge het ons teenoor Imperiale verdediging? Wat het genl. Hertzog hieroor op die Imperiale konferensie gesê? Was hy daar as 'n toeskouer, of as 'n gevolmagtigde verteenwoordiger van 'n vreemde en onafhanklike land? Hoe staan dit met die oud-soldate in ons land? Is daar nie 'n noue verband tussen hulle en die Londense leër nie? Het die Imperiale outoriteite die reg om hierdie *'Empire-Service-League'* troepe op te roep vir oorlogsdiens in Japan, Sjiena of Timboektoe? *Ons wend ons na genl. Hertzog vir antwoord.* Een of ander lojale Ier dink dat Engeland en Ierland 'n aardrykskundige eenheid vorm, en glo dat ter selfverdediging hierdie twee lande saam moet staan in oorlogstyd — kyk die twee lande *lê so na aanmekaar*. Die meerderheid van die Iere sê dat hierdie *„na-aanmekaar-lê"* die oorsaak was van hulle sewehonderdjarige lyding, en hulle weier kortweg enige samewerking. Gelukkig is ons hier in Suidafrika ver genoeg om Engeland se oorloë en rusies te ontduik. Hier is die natuur teen aktiewe samewerking (opposuit natura.) Laat ons dan voordeel trek uit hierdie geleentheid. Ons kabinet het 'n plig om uit te voer. Laat hulle hulle opienies ridderlik uitspreek. Toe hulle in die opposiesiebanke gesit het was hulle vegtende leeus—en nou—a nee, *nou* praat hulle

gedoriewaar van *praktiese politiek,* van net die opvolging van die *bereikbare* — ja nou ignoreer hulle alledaagse idealissies! Vroeër het hulle toornend van die berg Sinaï af gepreek—en vandag—nee vandag praat hulle maar gewoonweg uit die prosaiese parlementêre bankies. Nou loop hulle o, *so versigtig.* Hulle deins terug vir vooruitgang. *Ons beroep ons op die jeug!* Hulle metodes kan wel foutief wees, hulle *dryfvere is altyd juis.* Daar is maar min manne wat die toets of proef van die Regeringstoele kan oorlewe. Staatsmanne leef in die herinnering van 'n volk weëns hulle *moed,* hulle *vasberadenheid* en hulle *opregtheid.* Die mense neem nie die minste notiesie van hulle latere woorde of dade nie!

# VI

# EPILOOG.

Alle wetenskap, kuns en die politieke denkvermoëns, moet voorwaarts beweeg—of *ten onder gaan.* As ons jong manne of vroue hierdie teenswoordige status aanvaar, dan verneder hulle tot 'n staat van politieke onvrugbaarheid. Hulle dwaal rond tussen grafstene, waaruit die toekoms weggesluit is. As ons jeug in 'n toestand van *non-aktiwiteit* en *selftevredenheid* bly, sal ons gaan sorteer onder die *onterfdes,* wat hoegenaamd *niks tot die welvaart van die mensheid sal kan bydra nie.* Ons voorvaders het geloofsvertroue, hoë ideale en inspirasies besit, wat hulle voorwaar tot reusefigure, in hulle omgewing gemaak het. Beroof van sulke karaktertrekke, bedreig deur alledaagse ambiesietjies, en middelmatige omgewinge, het die ouer mense van teens-

woordig geen doelbewuste rigting nie,—daar is geen *doelwit* in hulle lewe nie. Vra hulle, waarvoor hulle bestaan, en watter sendingsroeping hulle nakom, en die antwoord sal 'n openbaring van hulle *hopelose onmag* wees! Ons jong manne het die geleentheid, het 'n opdrag om ons oues te besiel met nuwe entoesiasme, om ons nasionale idee te bevorder en verrykend te verruim, om die edele volkstryd voort te sit. Hulle moet hulle *vaandels* aan die *mas* van *volkome onafhanklikheid vasspyker!* Ja—hulle moet hulle vlag aan nog hoër toringspitse opsteek. Ons *kan* nie in die teenswoordige status berus nie! Ons kan nie die *„middelpunt van onverskilligheid"* opvolg nie. Die lewe is 'n worstelstryd, 'n voorwaartse mars, en die *jong manne* moet die *stoot* aan die rigting gee. Dit skyn of ons ou mense in 'n onverbiddelike noodlot glo. Dit is die jonges se dure plig om die *ware* doelwit *aan te dui.* Selfs al sou ons voorvaders, sy hulle die Setlaars van 1820, die Franse Hugenote of die Hollanders, nie elke belofte nagekom het nie, tog moet hulle *vryheidsideaal heren oorlewe. Hierdie gedagte bly onsterflik!* Dit was 'n verbasende bydrae tot die oorwinninge van die mensheid. Geen neerlaag van watter aard ook al, sal in die minste te kort doen, aan hierdie roemryke tydperk. Selfs al sou die volk ook faal in 'n groot voorneme, tog sal in onuitwisbare letters, die digkuns van die toekoms 'n panorama van hulle poginge weergee. Die jeug van vandag moet volhard en moet hulle nie laat afskrik nie deur groot sê's van een of 'n paar mense. Moet hulle dan hulle genietinge vaarwel sê en 'n lewe van hardwerk aanvaar? Dit laat ek aan hulle gewetens oor. Geen volk ter wêreld sal ooit maar selfs 'n middelmatige doel bereik nie, sonder ernstige pogings, of doelbewuste eweredigheid van die gedagtegang.

Laat die ontspanninge so aangenaam moontlik wees. Die Afrikaners het op die gebied van sport al beroemdheid verwerf. As manne—nee as sportsmanne, meen ek, is ons onoortreflik in enige spel; maar laat ons uiters versigtig wees hoe ons, ons verstandsvermoëns terwille van 'n bietjie spierkrag gaan verdwerg. Laat ons tog *asseblief* nie nog 'n geestessiekte by ons katalogus van manie-siektes gaan byvoeg nie. Hiermee wil ek se-

ker nie die opkweking van die sogenaamde blomkonings of wasplantmense bepleit nie. Inteendeel, moet ons jongmense ook versigtig wees vir daardie aaklige voorbeeld van die *'wondermens,'* wat per slot van rekening niks meer presteer nie—as net eiewaan,—woorderykheid, en—wankelmoedigheid, 'n persoon wat in sy eie verbeelding alleen, in wysheid skitter,—sonder die minste *lewensrigting* of *selfopoffering*. *„Van 'n dwaas,"* so sê oorlede ou koning Salomo, *„kan 'n mens meer wysheid verwag as van hom!"* Om die bokkespronge van daardie selftevrede wysneus-mensesoort met versnelde tempo's na 'n kliemaks, wat nooit bereik word nie, te moet aanskou, is voorwaar 'n komieklike spektakel. Nee, laat ons jongmanne liewers die volksprobleem beetpak,—en as dit moet, onsmaaklike waarhede vertel, waarhede wat gegrondves is selfs op die meesafgeleë definiesies van vaderlandsliefde. Ons toekomstige volksbestaan sal meer vàn ons breinvermoë as van ons spierkrag gaan afhang;—meer 'n saak van die wetenskap as van vuisgevegte wees.

Moet tog nooit dat ons eendag oorwin word deur dwergmensies nie, omdat hulle brein meer geslepe is as ons s'n. Ek wil geen onnodige argwaan opwek nie, maar is dit nou so moeilik om in hierdie koorsagtige jag na sportsgenot en spierkrag, 'n poging te ontsyfer, wat ons jeug af-, en weglei van die ernstige bestudering van *kuns, letterkunde, staatleer*—voorwaar ideale wat oneindig hoër staan as enige stoflike voordeel? *Sport as sodanig is slegs 'n middel tot 'n doel.* Dit kan nie 'n nasie tot stand bring nie. Dit maak ons nie eers onkwesbaar nie. Dit word so gemaklik deur mense aangehaal dat die prys van vryheid. *ewigdurende waaksaamheid is.* Leer ons kinders hierdie wagwoord op skool? Ek glo waarlik dat in die meeste skole krieket- en voetbalspel van meer waarde beskou ward, as vryheid. In Suidafrika moet ons seuns en dogters pal op brandwag staan, in belang van ons eie natuurlike, (nie geleende) kultuur, ons eie inisiatief, ons eie selfrespek, wat die beste teëmiddel is teen daardie „minderwaardige" gemoedstoestand, wat ons so bitter aan ly. Vir mense wat baie rondgereis het in die wêreld, is dit duidelik, dat sonder

teenspraak, ons jong mense gelyk met die meeste, en ver bokant baie van die ander nasies se jongmense staan. Laat ons tog hierdie waarheid peinsend besef en dit aankweek.

Selfs die jeug van ons Engelse medeburgers moet erken, dat die grootste struikelblok in die pad van die Suidafrikaanse kultuurlewe—slaafse onderdanigheid is.

Hierdie begrip van onderhorigheid word ons ingepomp, onder die dekmantel, dat ons aan iets groter as wat onsself is, behoort. Ons is soos kompasse wat van ons eie noordster afgetrek word, deur 'n ou stuk ruwe yster. Hoe kan ons 'n nasie wees of ooit word, of soos die Engelse jeug miskien sal sê, *Suidafrikaners*, as ons al ons indrukke uit die twede hand moet ontvang? As Peru van Nu-York, of Denemarke van Berlyn afkyk, dan moet hulle mos parasietiese sateliete bly tot die jongste dag! Sal die nasies van die toekoms ons dan ooit onthou? 'n Slaaf na die liggaam is nie half so ongelukkig nie, as 'n *geestes-* of ook 'n *morele* slaaf. Met jou gees in die een halfrond en met jou liggaam in die andereen, dan rig jy mos hoegenaamd niks van belang vir altwee halfronde uit nie! 'n Man moet in die grond van sy vaderland wortelskiet en dit *so* leer liefkry, as sy energie van enige nut gaan wees. 'n Verdeelde liefde maak hom net bejammerlik en onvrugbaar. Ons konsentrasie-vermoëns word verlam. Ons kan nie eers genoeg vaderlandsliefde versamel om die naturelle- of armblankekwessie op te los nie. Ons jong mense sou dit kon gedoen het, as hulle nie teruggehou word deur nadelige buitenstaande invloede nie. Ja hulle kon hulleself daarop toelê om doelmatige oplossinge uit te werk.

Soos ek gesê het, is ons verstandsvermoëns nie rekbaar genoeg om twee vastelande te omvat nie. As hierdie jong manne Suidafrika liefgehad het, dan kon hulle met die grootste gemak daardie *politieke-draadtrekkers waansinnige geestesswakkelinge, oorsese indringers en die massa onverantwoordelike skynheiliges, wat nie 'n blouduit omgee nie,* of Suidafrika staan of val, manmoedig uit hulle pad—die *pad van Suidafrika—weg geveeg het.* Skoolseuns van Suidafrika, leer en bestudeer die geskiedenis van julle land *alleen*

en vir *julleself*. Ons skoolseuns moet *self deskundiges* en nie *parasiete* van die deskundiges op die gebied van vaderlandse geskiedenis word nie. Hulle mag geen slaafse disiepels van ou uitgediende dogma's, van begrafnisagtige idees, of ook die na-apers van ander na-apers wees nie. Terwyi ons Suidafrikaners voetbal en krieket speel, word ons ondermyn deur uitheemse genootskappe, wat wel liggaamlik hier verkeer, maar wie se anti-Suidafrikaanse inspanninge van oorsee bestuur word. Hulle sluimer nog slaap. Soos wit miere dring hulle deur tot in elke maatskaplike, opvoedkundige, en politieke departement van ons land. Jong Afrikaners: *Dit is julle taak om in julle wraak op te staan en hierdie anti-nasionale magte uit die saal te smyt!* „Die menslike liggaam duld nie vreemde liggame nie," so sê die mediese professie.

Ons nasie mag die renewerende uitlandse groepe nie huisves nie. Hulle berokken net kwaad, selfs aan die verafgeleë land, wat hulle by wyse van onderstelling dien. Hulle glo rotsvas dat hulle die waardige dienaars is, van 'n vroeëre inskiklike veroweraar. Ons moet teenstand bied en ons meerdere *intelligensie, moed en vaderlandsliefde skaakmattend* teenoor hulle stel. Op brandwag, is ons ver meer, as hulle gelykes. As 'n man in sy eie land nie sterk kan wees nie, watter vooruitsigte het hy dan? Hy is een van twee: *'n lafhart of 'n slaaf*. Ek sterf liewer vegtende vir Reg, as om louerkranse, wat baie spoedig verwelk, te verower, en onder te gaan in die diens van 'n buitenstaande mag of tradiesie. Die Engelse digter sê tereg:

„Groot is d' Veroweraar!—

Maar o,—*groter is hy*—

Wat verslae daar neersink,

Doodlik gewond, uitasem, sieltogend,

Ontsaald—bebloed en besweet;

Dog steeds en steeds weer die *strydende* bly!"

(Vrye vertaling.)